Soos alreeds genoem is, is daar altesaam 1192 groot plate deur die radiologiese eenheid van die H.F. Verwoerd-hospitaal vir ons geneem. Slegs persone wat nie deur die mobiele X-straal eenheid gestraal kan word nie, word vir die neem van groot plate na die hospitaal verwys (byvoorbeeld babas, gebreklikes, ens.)

Die Departement van Gesondheid het magtiging aan die Stadsraad van Pretoria verleen om die hulp van private radioloog te verkry vir die lees van X-straalplate van 100 mm. Hulle het gedurende die jaar altesaam 22,074 plate gelees.

E. UITEENSETTING VAN X-STRAALPLATE WAT VAN GEVALLE, KONTAKTE EN VERDAGTE GEVALLE BY DIE VERSKILLENDSE TUBERKULOSEKLINIEKE GENEEM IS

	GEVALLE						KONTAKTE						VERDAGTES							
	Nuwe gevalle		Ou gevalle		Nuwes		Nuwes		Oues		Nuwes		Oues							
	Bekende gevalle	0 - 5 jaar: Heaf; graad III of IV	Nor-maal	Ver-beter	Staties	Ver-sleg	Nor-maal	Geval	Verdag	Nor-maal	Geval	Verdag	Nor-maal	Geval	Verdag	Nor-maal	Geval	Nie Bly T.B. verdag nie		
1. Blankekliniek	31	22	2	159	75	370	23	623	8	34	561	-	18	367	2	46	390	3	350	8
2. Kompongkliniek	-	-	-	19	15	201	14	4	-	-	1	-	-	93	-	2	57	2	196	1
(a) Bantoes in diens van die Stadsraad	31	1	2	106	87	828	145	74	-	5	53	-	-	65	7	11	89	6	234	2
(b) Bantoes in stad werksaam	2	2	1	20	3	46	4	60	1	11	101	1	19	25	-	6	39	-	9	-
(c) Indiërs	4	1	1	22	11	66	7	82	3	7	126	2	2	60	-	1	57	-	6	3
(d) Kleurlinge	3	2	-	24	14	63	9	27	-	-	74	-	3	-	3	19	107	1	104	6
3. Loudiumkliniek (Indiërs)	22	15	18	234	56	145	24	213	14	15	585	4	22	35	1	4	160	8	114	35
4. Eersterustkliniek (Kleurlinge)	47	27	7	483	194	576	66	783	18	-	1,787	11	-	50	7	-	126	7	80	-
5. Mamelodi-Oos-kliniek	60	42	34	459	243	633	60	1,027	23	45	1,883	10	32	352	31	50	264	7	212	-
6. Mamelodi-Wes-kliniek	31	12	7	364	86	98	6	340	15	33	2,225	28	27	62	8	8	187	27	135	2
7. Saulsvillekliniek	62	6	13	628	202	634	51	705	20	20	3,154	20	20	212	19	22	127	7	141	21
8. Atteridgevillekliniek	293	130	85	2,518	986	3,660	309	3,938	102	170	10,550	76	143	1,321	78	169	1,603	68	1,581	78
TOTAAL																				

9. Lody Selborne: 144 X-straalfoto's tot Februarie 1968, toe kliniek gesluit is.

Groototaal: 27,808.

F. KONTAKTE:

Van die altesaam 15,879 kontakte wat bestraal is, het 1.1% long=tuberkulose gehad (1967 : 3%). Die groot afname (+ 66%) in gevalle onder kontakte is baie bemoedigend en kan moontlik grootliks toegeskryf word aan die vroeë onttrekking van aansteeklike gevalle. Nie net kan byna alle aansteeklike gevalle deesdae dadelik gehospitaliseer word nie, maar vele word ook baie vroeër ontdek deurdat alle voornemende werkers by Toestromingsbeheer radiologies ondersoek word en daar tydens besoeke by besighede en fabriek nog verdere vroeë gevalle deur kleinbeeld- X-straalopnames ontdek word. 'n Verdere faktor wat ook tot die verminderde voorkoms van tuberkulose onder kontakte kon bygedra het, is die intensiewe B.C.G.-immuniseringsprogramme (B.C.G. aan alle pasgeborenes, B.C.G. by meeste stedelike immuniseringsklinieke, ens.) wat onderneem word en daartoe bygedra het om aan die kontakte beter beskerming te gee.

G. X-STRAALVELD TOEGTE BY BESIGHEDE, FABRIEKE, ENS.

Daar is vanjaar 2424 Blankes by 42 en 4221 Nieblankes by 32 besighede, fabriek, ens., bestraal.

Die uitslag was soos volg :

Nuwe gevalle van longtuberkulose 13 (Nieblankes).

Ou gevalle van longtuberkulose herontdek 12 (Nieblankes).

Verdagte gevalle : Blankes 43

Nieblankes 34.

H. PERSONE WAT HULLE VRYWILLIG VIR 'N X-STRAAL ONDERSOEK AANMELD.

978 Blankes en 5429 Nieblankes het hulle vrywillig vir 'n X-straal=ondersoek aangemeld. Die uitslag was soos volg :

	Geval.	Verdag.
Blankes	3	46
Nieblankes	21	113

I. GEVALLE ONTDEK AS GEVOLG VAN X-STRAAL ONDERSOEK :

Van die 1069 nuwe gevalle van longtuberkulose wat gedurende die jaar aangemeld is, is 782 deur middel van X-straalopnames van die borskas ontdek.

III. HEAFTOETSE :

Altesaam 11,211 Heaftoetse is gedurende die jaar gedoen. Van hierdie getal het slegs 7,763 na 'n week teruggekeer vir die lees van die toetse. Die 3448 gevalle wat nie teruggekeer het nie, word dus in die statistieke buite rekening gelaat. (Die feit dat die persone nie teruggekeer het nie, dui waarskynlik daarop dat daar min of geen reaksie was nie. Dit kan ongelukkig egter nie sonder meer aanvaar word nie.)

By die immuniserings- en tuberkuloseklinieke waar Heaftoetse op kinders uitgevoer word, word die volgende prosedure tans gevolg :

Blankes :

Groep 1:

Dit is babas aan wie B.C.G. kort na geboorte gedurende hulle verblyf in 'n kraaminrigting toegedien was.

- (a) As hulle vir hulle drieledige kinkhoes-, witseerkeel- en tetanusimmunisering na die kliniek kom, word 'n Heaftoets gedoen.
- (i) Indien die Heaftoets heeltemal negatief is, word daar weer B.C.G. toegedien.
 - (ii) Indien die Heaftoets 'n graad I- of graad II- reaksie toon, word niks verder gedoen nie.
 - (iii) Indien die Heaftoets 'n graad III- of graad IV-reaksie toon, word dit as 'n aktiewe geval van tuberkulose beskou.
- (b) Op driejarige ouderdom word die Heaftoets herhaal, en as dit nie 'n graad III- of graad IV-reaksie toon nie (in welke geval dit as 'n aktiewe geval van tuberkulose aanvaar word), word B.C.G. weer toegedien.

Groep 2:

Dit is dié babas en kinders wat nog nooit tevore B.C.G. ontvang het nie.

- (a) Wanneer hierdie kinders by die immuniseringsklinieke aanmeld, voordat hulle die ouderdom van drie maande bereik, word B.C.G. direk toegedien.
- (b) As die kinders reeds ouer as drie maande maar nog jonger as vyf jaar is, word daar eers 'n Heaftoets gedoen. Indien die Heaftoets negatief is, of graad I- of graad II-positief is, word B.C.G. toegedien. Waar hulle 'n graad I- of graad II-reaksie toon en hulle nie tevore B.C.G. gehad het nie, word hulle as verdag beskou en word X-straalfoto's van die borskas geneem. Indien daar 'n graad III- of graad IV-reaksie teenwoordig is, word hulle as aktiewe gevalle van tuberkulose aanvaar.
- (c) In die geval van kinders bo die ouderdom van vyf jaar word daar direk B.C.G. toegedien.

Nieblankes:

Die Nieblankes op wie Heaftoetse uitgevoer word, bestaan uit twee hoofgroepe, naamlik kontakte van bekende gevalle van tuberkulose en kinders wat baba- en immuniseringsklinieke bywoon.

- (1) In die geval van kontakte wat onder drie maande oud is, word B.C.G. onmiddellik toegedien, en die kind word verder dopgehou. In die geval van kontakte wat oor drie maande oud is, word 'n Heaftoets gedoen. As die kontakte graad III- of IV-positief reageer, word hulle as aktiewe gevalle van tuberkulose beskou. Indien die Heaftoets graad I- of graad II-positief is, word hulle as verdagte gevalle beskou. B.C.G. word toegedien en hulle word elke ses maande vir 'n Heaftoets ontbied en verder dopgehou. Indien die Heaftoets negatief is, word B.C.G. toegedien en hulle word sesmaandeliks verder opgevolg.

- (2) Vir sover dit Nieblanke kinders betref wat immuniserings- en babaklinieke bywoon, word reëlings getref dat hierdie kinders by hul eerste besoek na die tuberkuloseklinik verwy word. Aan die kinders wat jonger as 3 maande is, word B.C.G. direk toegedien. Op kinders wat ouer as 3 maande maar jonger as 5 jaar is, word eers 'n Heaftoets uitgevoer en daarna word B.C.G. toegedien. By ouer kinders as 5 jaar word B.C.G. direk toegedien.

Die volgende tabel verteenwoordig die resultate van al die Heaftoetse wat gedurende die jaar deur die Afdeling gedoen is. Soos uit die tabel gesien kan word, het 'n groot aantal nie teruggekeer sodat die toetse gelees kon word nie. In die kolomme waarindie resultate aangedui word, word hierdie persone wat nie teruggekeer het nie, buite rekening gelaat.

Die tabel verteenwoordig almal op wie Heaftoetse uitgevoer is, dit wil sê kontakte sowel as kinders wat immuniseringsklinieke bywoon en kinders in kleuterskole en skole. Statisties verteenwoordig dit dus nie 'n deursnee van die bevolking nie omdat die resultate van 'n geselekteerde groep (die kontakte) én dié van 'n ongeselekteerde groep saamgevoeg is.

Alhoewel die voorkoms van positief-reageerders dus hoër sal wees as dié wat onder die deursneebevolking voorkom, is die jaarlikse persentasievermindering in positiewe reageerders tog betekenisvol omdat die samestelling van die groepe kinders op wie Heaftoetse uitgevoer word, ongeveer dieselfde bly.

	Ouderdomsgroep	Totaal	Graad positief				Negatief	Graad positief na B.C.G.				Negatief na B.C.C.
			I	II	III	IV		I	II	III	IV	
3 maande tot 5 jaar:	Blankes	4,593	164	34	12	10	2,275	360	81	3	1	229
	Bantoes	4,347	115	43	53	58	2,175	123	73	25	18	331
	Asiërs	581	32	5	2	2	280	100	19	2	1	19
	Kleurlinge	937	34	19	8	13	441	71	35	5	2	41
5 tot 10 jaar:	Blankes	373	114	14	2	1	111	17	22	6	-	16
	Bantoes	146	2	2	-	4	8	17	15	2	2	6
	Asiërs	4	3	1	-	-	-	-	-	-	-	-
	Kleurlinge	109	6	6	4	5	23	28	-	2	-	4
10 tot 15 jaar:	Blankes	3	-	-	-	1	-	-	-	-	-	-
	Bantoes	4	2	1	-	-	-	-	-	-	-	-
	Asiërs	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
	Kleurlinge	2	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
15 tot 20 jaar:	Blankes	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
	Bantoes	1	-	1	-	-	-	-	-	-	-	-
	Asiërs	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
	Kleurlinge	-	-	-	-	-	-	-	-	-	1	-
20 jaar + :	Blankes	1	-	-	-	1	-	-	-	-	-	-
	Bantoes	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
	Asiërs	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
	Kleurlinge	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL		11,211	472	126	81	95	5,313	716	245	45	25	646

A. KLEUTERSKOLE :

Gedurende die jaar is daar weer 'n begin gemaak met Heaftoetsing in opvolging van B.C.G.-toediening by alle kleuterskole. Die bevindings hier is baie interessant omdat die persentasie kinders wat, nadat B.C.G. toegedien is, negatief op die Heaftoets gereageer het, byna dieselfde is as dié wat nie vroeër B.C.G. gehad het nie. Dit is natuurlik moontlik dat die B.C.G.-entstof of die P.P.D. wat gebruik is, nie doeltreffend was nie of dat daar iets met die tegnieke verkeerd was. Feit is egter dat daar in baie gevalle 'n duidelike B.C.G.-litteken op die arm teenwoordig was by kinders met 'n negatiewe reaksie op die Heaftoets. Dit skyn dus die bewering te staaf dat daar nie noodwendig 'n verband tussen B.C.G.-immunitet en tuberkuliensensitiwiteit is nie. Ten einde die saak verder te ondersoek, word daar beoog om die P.P.D. wat gebruik is, gedurende die volgende jaar te kontroleer deur beide die handelsproduk en 'n spesiale P.P.D. wat deur dr. Kleeberg van die W.N.N.R. berei is, gelyktydig toe te dien.

Die volgende bevindings by enkele Blankekleuterskole illustreer die voorgaande:

1. Kinders aan wie B.C.G. voorheen toegedien is :

Heaftoets.

Getal getoets.	Getal positief.				Getal negatief.
	Graad.				
	I	II	III	IV	
343	51	28	1	-	247

Dit wil sê 71.9% was negatief na B.C.G.-toediening.

2. Kinders aan wie B.C.G. nie voorheen toegedien is nie :

Getal getoets.	Getal positief.				Getal negatief.
	Graad.				
	I	II	III	IV	
338	56	10	-	2	239

Dit wil sê 70.7% was negatief na B.C.G.-toediening.

B. PERSENTASIE POSITIEWE EN NEGATIEWE REAGEERDERS:

Gedurende die afgelope drie jaar was daar 'n dramatiese afname in die persentasie gevalle wat positief op die Heaftoets reageer. Daar moet egter op gewys word dat die kinders op wie Heaftoetse uitgevoer is, nie 'n deursnee van die bevolking verteenwoordig nie omdat hulle gedeeltelik 'n geselekteerde groep is, dit wil sê die persentasies sluit ook kontakte van gevalle van tuberkulose in. Die samestelling van die groep is egter elke jaar naastenby dieselfde, met die gevolg dat die syfers van jaar tot jaar wel vergelykbaar is. Hierdie afname in positiewe reageerders dui sonder twyfel op 'n afname in die voorkoms van aansteeklike gevalle in die gemeenskap, en is baie bemoedigend.

Ouderdomsgroep 3 maande - 15 jaar.

		Persentasie positiewe reageerders	Persentasie negatiewe reageerders.
1966	Blankes	27%	73%
	Nieblankes	43%	57%
1967	Blankes	23.5%	76.5%
	Nieblankes	34.8%	64.8%
1968	Blankes	13.1%	86.9%
	Nieblankes	12.4%	87.6%

IV. B.C.G. TOEGEDIEN :

Hieronder volg 'n uiteensetting van die groepe aan wie B.C.G. toegedien is.

(a) Aan gevalle:	Blankes	20)	
	Bantoes	423)	
	Asiërs	5)	Totaal 453
	Kleurlinge	5)	
(b) Aan kontakte:	Blankes	624)	
	Bantoes	3119)	
	Asiërs	27)	Totaal 4017
	Kleurlinge	247)	
(c) Aan verdagtes:	Blankes	44)	
	Bantoes	391)	
	Asiërs	39)	Totaal 591
	Kleurlinge	117)	
(d) Aan normale persone (insluitende kinders wat nie by skole geïmmuniseer is nie).	Blankes	11929)	
	Bantoes	49496)	
	Asiërs	1537)	Totaal 64,151
	Kleurlinge	1789)	
(e) Skoolkinders:	Blankes	503)	
	Bantoes	99)	
	Asiërs	-)	Totaal 602
	Kleurlinge	-)	
(f) Pasgeborenes (kraaminrigtings)	Blankes	6262)	
	Bantoes	2729)	
	Asiërs	75)	Totaal 10,578
	Kleurlinge	1512)	
Dus altesame :	Blankes	18882)	
	Bantoes	56157)	
	Asiërs	1683)	
	Kleurlinge	3670)	
Groottotaal (1967 :61,770)		80392	

V. SPUTUMS :

Altesaam 14,257 sputums van pasiënte is vir mikroskopiese ondersoek gestuur.

Die resultate was soos volg :

	Totaal	Negatief	Positief	Negatief na positief	Positief na negatief.	Hardnekkig positief.
1. Blankekliniek	684	647	27	6	4	
2. Kampongkliniek						
(a) Bantoes in diens van Stadsraad	957	887	38	19	9	4
(b) Bantoes werksaam in Stad	2865	2642	124	52	32	15
(c) Indiërs	69	64	5	-	-	-
(d) Kleurlinge	277	248	6	13	7	3
3. Laudiumkliniek (Indiërs)	136	133	3	-	-	-
4. Eersterustkliniek (Kleurlinge)	691	30	-	652	6	3
5. Mamelodi-Oos-kliniek	1925	1783	133	3	-	6
6. Mamelodi-Wes-kliniek	2379	2133	196	31	18	1
7. Saulsvillekliniek	906	816	46	26	11	7
8. Atteridgevillekliniek	2158	1942	105	40	45	16
9. Toestromingsbeheer	1210	1092	74	-	-	-
TOTAAL	14257	12417	757	842	132	55

1967 - totaal 11,738

VI. RANTSOENE :

Slegs vier Blankes het munisipale rantsoene en S.A.N.T.V.-steun ontvang.

Nieblankes .	Munisipale rantsoene.	S.A.N.T.V.-pakkies.
Getal pasiënte	2249	279
Getal afhanklikes	272	35
TOTAAL	2521	314

VII. HUISBESOEKE :

Die suster in beheer van die Blanketuberkulosekliniek het gedurende die jaar altesaam 23 pasiënte tuis behandel; sy het aan hulle inspuittings toegedien. Daar was elke maand gemiddeld 12 pasiënte was so tuis behandel is.

Die getal besoeke wat tuis of by die werk by tuberkulosepasiënte afgelê is, is soos volg saamgestel :

1. Blankes :
 Blanke klinieksuster 1280
2. Bantoes :
 (a) Blanke gesondheidsbesoekster 193
 (Dit is gevalle van Bantoetuberkuloselyers wat werk en waar
 besoek by die Blanke werkgewers afgelê is en dit dus deur
 'n Blanke verpleegster gedoen moes word.)
 (b) Bantoeverpleegsters 2307

3. Asiërs :

Klinieksuster en verpleegster 1347

4. Kleurlinge :

Klinieksuster en verpleegsters 1164

Die getalle wat hierbo genoem word, verteenwoordig die besoeke van verplegingspersoneel aan tuberkuloselyers om behandeling toe te dien. Om persone te ontbied om hulle vir ondersoeke of X-straalfoto's by klinieke aan te meld, het bodes 9441 huise in die Bantoewoonbuurtes, 737 huise in die Asiërwoonbuurtes en 1527 huise in die Kleurlingwoonbuurtes besoek. Blankes is nie per bode nie maar per brief ontbied: 1855 briewe is gepos.

VIII. TSHEPONG- SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TERINGVERENIGING SE NEDERSETTING TE PRETORIA.

Daar is 135 beddens vir tuberkuloselyers in die nedersetting beskikbaar. Die mediese dekking word in sy geheel verskaf deur twee mediese beamptes van die Stadsraad se Gesondheidsafdeling.

Die hospitaal word tweemaal per week deur een van die mediese beamptes besoek, en tydens die besoeke word alle probleemgevalle gesien, klagtes aangehoor en hulp verleen met maatskaplike probleme. Verder word alle nuwe gevalle aan 'n deeglike mediese ondersoek onderwerp, en die dokter besluit oor behandeling, duur van verblyf, ens. Eenmaal 'n week word daar ook X-straalfoto's gelees van pasiënte wat hulle vir opvolgplate aangemeld het. Tydens dié sessie word pasiënte na buiteklinieke oorgeplaas.

Beide mediese beamptes dien ook in verskillende komitees van die plaaslike tak van S.A.N.T.V. en is sodoende behulpsaam met die bestuur van die nedersetting en ander funksies van die tak.

Die volgende verslag gee 'n aanduiding van die hoeveelheid werk wat verrig word :

Tydperk 31 Maart 1967 - 31 Maart 1968.

Getal pasiënte in die nedersetting op 31 Maart 1967	134
Getal pasiënte in die nedersetting op 31 Maart 1968	126
Getal pasiënte gedurende die jaar opgeneem	363
Getal pasiënte gedurende die jaar ontslaan	371

Dié wat ontslaan is, kan soos volg ingedeel word :

Huis toe - verbeter	262
Om dissiplinêre redes	10
Gedros	30
Oorlede	3
Oorplasings - versleg	38
Ander oorsake	28

Die hoeveelheid pasiënte-dae vir die jaar was 46395.

S.A.N.T.V. se hoofkantoor het die dienste van 'n Bantoegesondheidsvoorligter aan die plaaslike tak van hierdie Vereniging beskikbaar gestel. Hy verrig waardevolle diens, en sedert sy aanstelling is die pasiënte in die algemeen gesproke meer samewerkend. Daar word ook met welslae by sekere doktersklinieke van sy dienste gebruik gemaak.

STERFTES :

Die getal sterftes wat gedurende die jaar onder tuberkulose= pasiënte voorgekom het, word in die volgende tabel (H) aangedui.

	BLANKES.	NIEBLANKES.	TOTAAL.
Gevalle wat gedurende 1968 aangemeld is en ook gedurende 1968 gesterf het.	4(5)	90(94)	94(99)
Gevalle wat voor 1968 aangemeld is, maar wat gedurende 1968 gesterf het.	1(2)	24(53)	25(55)
TOTAAL	5(7)	114(147)	119(154)

Die sterftesyfers van die verskillende rasse en geslagte asook die sterftesyfers per 1,000 van die bevolking word in die volgende tabel (I) aangedui.

TABEL 1.

STERFTES 1968 (OU EN NUWE GEVALLE).

Plaaslike gevalle		Ingevoerde gevalle		Plaaslike en ingevoerde gevalle		Sterftes per 1,000 van die bevolking (Plaaslik)	
Geslag	Pulmonêre tuberkulose	Ander soorte	Al die soorte	Pulmonêre tuberkulose	Ander soorte	Al die soorte	Bevolking
Blonkes	M 2	1	3	1	3	1	.007
	V 1	-	1	-	1	-	.004
TOTAAL	3	1	4	1	4	1	.011
Kleurlinge	M 4	2	6	1	5	7	.421
	V 1	-	1	-	1	-	.105
TOTAAL	5	2	7	1	6	8	.526
Asiërs	M 1	-	1	-	1	-	.096
	V -	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	1	-	1	-	1	-	.096
Bantoës	M 67	6	73	6	73	7	.331
	V 19	2	21	4	23	2	.094
TOTAAL	86	8	94	10	96	9	.425
Alle Nieblonkes	M 72	8	80	7	79	9	.324
	V 20	2	22	4	24	2	.090
TOTAAL	92	10	102	11	103	11	.414
Alle rasse	M 74	9	83	8	82	10	.150
	V 21	2	23	4	25	2	.043
TOTAAL	95	11	106	12	107	12	.193

STERFTES IN OUDERDOMSGROEPE

0 - 1		1 - 5		6 - 10		11 - 15		16 - 20		21 - 30		31 - 40		41 - 50		50 & ouer		Totaal	
M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V	M	V
Blonkes	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Nieblonkes	1	3	3	-	-	-	-	2	1	11	7	11	3	17	1	34	9	79	24
TOTAAL	1	3	3	-	-	-	-	2	1	11	7	11	3	18	1	36	10	82	25

Sterftes as gevolg van ander soorte tuberkulose en sterftes van tuberkuloselyers wat aan ander oorsake dood is, word in tabel (J) hieronder aangetoon.

	BLANKES.		NIEBLANKES.		TOTAAL
	M	V	M	V	
Miliêre tuberkulose	-	-	3	-	3
Tuberkuleuse meningitis	-	-	2	1	3
Tuberkuleuse primêre kompleks	-	-	2	-	2
Peritonitis	-	-	-	1	1
Longontsteking	-	-	1	-	1
Motorongeluk	1	-	-	-	1
Meswond	-	-	1	-	1
TOTAAL	1	-	9	2	12

Die volgende tabel toon die stadiums aan waarin sterftes en gevalle van tuberkulose wat gedurende die jaar aangemeld en gedurende die jaar dood is, voorgekom het.

	BLANKES		NIEBLANKES		TOTAAL	TOTALE PERSENTASIE STERFTES.
	M	V	M	V		
Sterftes voor aanmelding	-(1)	1(-)	18(21)	7(18)	26(40)	35%(40%)
Dood binne 1 maand na aanmelding	1(2)	-(-)	25(23)	8(6)	34(31)	45%(31%)
Dood binne 1-3 maande na aanmelding.	-(-)	-(-)	2(9)	1(2)	3(11)	4%(11%)
Dood binne 3-6 maande na aanmelding	1(-)	-(-)	5(2)	3(2)	9(4)	12%(5%)
Dood binne 6-12 maande na aanmelding	-(2)	-(-)	3(6)	-(5)	3(13)	4%(13%)
TOTAAL	2(5)	1(-)	53(61)	19(33)	75(99)	100%(100%)

HOSPITAAL VIR AANSTEEKLIKE SIEKTES.

Hierdie hospitaal, 'n inrigting met 90 beddens, behoort aan die Stadsraad van Pretoria en is op die terrein van die H.F. Verwoerd-hospitaal geleë.

Die sale vir Blankes, wat heeltemal van die Nieblanke-afdeling geskei is, kan 50 pasiënte huisves, terwyl die sale vir Nieblankes 40 beddens bevat. Daar is nie afsonderlike huisvesting vir Asiërs- of Kleurlingpasiënte nie, maar waar moontlik word hulle in private, enkel- of tweebedsale verpleeg.

Die personeel van die Nieblanke -afdeling bestaan uitsluitlik uit Bantoeverpleegsters, behalwe dat daar nou en dan Indiër - of Kleurlingverpleegsters is wat opleiding in die H.F. Verwoerd-hospitaal ontvang.

GELDELIKE REËLINGS.

Die H.F. Verwoerd-hospitaal voorsien al die verplegings-personeel, aptekersbenodighede, X-straalgeriewe, rantsoene, linneware en wasgeriewe, stoom, elektrisiteit en water, asook sekere gespesifiseerde koste aan onderhoud van die geboue en toerusting.

Hiervoor betaal die Stadsraad 'n vasgestelde bedrag per pasiënt per dag vir dié pasiënte vir wie hy geldelike aanspreek-likheid aanvaar. Hierdie bedrag word periodiek deur onderlinge ooreenkoms gewysig as stygende koste dit regverdig.

Daar word ook onderling gereël dat die spesialistepersoneel van die H.F. Verwoerd-hospitaal vir raadpleging by die Hospitaal vir Aansteeklike Siektes beskikbaar is, terwyl die Stadsraad se Geneeskundige Beamptes 'n dag-en-nag-raadplegingsdiens vir aansteeklike siektes voorsien, wat veral deur die personeel van die ongevalle- en die opnameafdeling van die H.F. Verwoerd-hospitaal gebruik en gewaardeer word.

GEBIEDE WAT BEDIEN WORD.

Hieronder ressorteer die Pretoriase munisipale gebied, sy buitestedelike gebiede en Noord- en Noordwes-Transvaal. Pasiënte uit enige ander gebied, waar daar moeilikheid ondervind word om pasiënte te huisves, soos byvoorbeeld tydens epidemies word egter ook opgeneem.

AMBULANS REËLINGS.

Die Pretoriase Stadsraad voorsien sy eie ambulansdiens vir aansteeklike siektes. Dieselfde geld vir die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, terwyl ander plaaslike owerhede hul pasiënte per trein, huurmotor of ambulans instuur na gelang van omstandighede.

HOSPITAAL VIR AANSTEEKLIKE SIEKTES : STATISTIEK.

L.W. Vergelykende syfers word tussen hakies verstrek en het betrekking op die tydperk van 12 maande wat op 1 Januarie 1967 begin en 31 Desember 1967 eindig.

TOTALE GETAL OPGENEEMDE PASIËNTE.

Eenduisend eenhonderd sewe-en-negentig (1059) pasiënte van wie 318(226) Blankes en 879(833) Nieblankes was, is opgeneem.

Gebiedsverspreiding.	Pretoria.	Ander gebiede.
Blankes	226(168)	92(58)
Nieblankes	471(444)	408(389)

AKUTE INTERIOR POLIOMIËLITIS.

Dertien (2) kinders van wie 2(1) Blankes en 11(1) Nieblankes is, is opgeneem. Tipe 1-poliomiëlitisvirus is van almal geïsoleer. Hulle het almal residuele spierverlamming gehad en is na drie weke vir verdere behandeling na die ortopediese afdeling van die H. F. Verwoerd-hospitaal oorgeplaas.

Gebiedsverspreiding.	Pretoria	Ander gebiede.
Blankes	1(1)	1(0)
Nieblankes	2(0)	9(1)

DIFTERIE.

Nege-en-tagtig (187) pasiënte van wie 22(33) Blankes en 67(154) Nieblankes was, is opgeneem. Onder hulle was 1(3) Blanke kind 'n tydelike draer van die difteriebasil.

Gebiedsverspreiding.	Pretoria.	Ander gebiede.
Blankes	14(23)	8(10)
Nieblankes	22(33)	45 (121)

Seisoensvoorkoms.

Jan.	Feb.	Maart	Apr.	Mei	Jun.	Jul.	Aug.	Sept.	Okt.	Nov.	Des.
9(15)	11(21)	11(38)	8(28)	13(32)	9(4)	6(13)	2(2)	4(6)	8(4)	5(7)	3(17)

45% (59%) is kinders van vyf jaar en jonger.

Blanke pasiënte.

Drie (5) kinders wat aldrie baie siek was by opneming, het gesterf.

Twee van hulle het laringale-difterie gehad, waarvoor tracheotomie nodig was. Dit was die enigste gevalle waarvoor tracheotomie nodig was.

Twee gevalle van bulnek-difterie het herstel. Een van hierdie bulnek= gevalle is na sestiën weke in die hospitaal ontslaan nadat hy ernstige hart= spierontsteking en verlamming van die sagte verhemelte, farinks en larinks gekry het.

Nieblanke pasiënte.

Sewentien (59) kinders het gesterf. Almal was by opneming ernstig siek.

Daar was 18 gevalle van bulnek-difterie en van hulle het 8 herstel.

Op 5 pasiënte is tracheotomie ter verligting van laringale obstruksie gedoen en 2 van hulle het gesterf.

Heelwat gevalle het verlamming van die sagte verhemelte ontwikkel, maar daar was geen gevalle met 'n ernstige soort verlamming nie.

TIFOIDE.

Altesaam 109(189) gevalle waarvan 29(22) Blankes en 80(107) Nieblankes was, is opgeneem.

Seisoensverspreiding.

Jan.	Feb.	Maart	April	Mei	Junie	Julie	Aug.	Sept.	Okt.	Nov.	Des.
15(26)	30(15)	5(15)	5(16)	5(16)	7(9)	1(3)	4(3)	8(8)	17(6)	9(7)	3(5)

Gebiedsverspreiding.

	Pretoria	Ander gebiede.
Blankes	4(8)	25(14)
Nieblankes	26(42)	54(65)

Blankes.

Almal het herstel.

Twintig skoolkinders is opgeneem nadat tifoïde in 'n skoolkoshuis in Noord-Transvaal uitgebreek het.

Nieblankes.

Nege het gesterf. Hulle was almal sterwend by opneming.

Twee pasiënte wat in die afsonderingshospitaal opgeneem is het reeds operasies vir geperforeerde ingewande elders ondergaan. Een van hulle het herstel.

Een geval met 'n tifoïde-abses in haar skildklier is opgeneem. Nadat sy vir die tifoïde behandel is, is sy na die H.F. Verwoerd-hospitaal oorgeplaas waar 'n gedeeltelike skildklieruitsnyding gedoen is. Sy het goed herstel.

SKARLAKENKOORS.

Ses(5) plaaslike Blankes uit hotelle en losiesplekke is opgeneem omdat geen bevredigende reëlins vir hulle isolering getref kon word nie.

Nog 3(0) kinders uit ander gebiede is opgeneem.

Hulle het almal sonder komplikasies herstel.

PULMONÊRE TUBERKULOSE.

Persone wat aan pulmonêre tuberkulose ly, word in die reël nie in die Afsonderingshospitaal opgeneem nie, maar dit was in die loop van die jaar nodig om 'n paar gevalle 'n dag of twee lank te huisves terwyl daar reëlins vir hul opneming in verskillende sanatoriums getref is. 'n Paar pasiënte wat in 'n sterwende toestand by die H.F. Verwoerd-hospitaal aangekom en ook tuberkulose gehad het, moes ook opgeneem word.

Gebiedsverspreiding.

	Pretoria.	Ander gebiede.
Blankes	16(15)	11(7)
Nieblankes	216(222)	162(116)

Een (1) Blanke en 12(16) Nieblankes is oorlede voordat reëlins vir hulle oorplasing na sanatoriums getref kon word.

Opmerkings :

Vir inligting in verband met hospitalisasie van tuberkulosegevalle oor die algemeen, kyk die gedeelte oor tuberkulose.

DUITSE MASELS.

Veertien(4) Blankes, waarvan 8 personeellede van die H. F. Verwoerd-hospitaal was, is opgeneem. Twee gevalle met enkefalitis en een geval met spierstupe is opgeneem.

Een Nieblanke kind is opgeneem.

Hulle het almal herstel.

Gebiedsverspreiding.	Pretoria	Ander gebiede.
Blankes	14(4)	0(0)
Nieblankes	1(0)	0(0)

MASELS.

Masels is in Pretoria nie 'n aanmeldbare siekte nie. Die gevalle wat opgeneem is, is slegs 'n breukdeel van die aantal kinders wat die siekte opgedoen het. Dié wat opgeneem word, is meestal gevalle met komplikasies of gevalle met ander siektes wat hospitalisasie vereis.

Altesaam 91(23) Blankes en 159(94) Nieblankes is opgeneem.

Gebiedsverspreiding.	Pretoria.	Ander gebiede.
Blankes	71(2)	29(3)
Nieblankes	92(59)	67(38)

Blankes.

Daar was geen sterfgevalle nie.

Die meeste gevalle se belangrikste komplikasie was broncho-pneumonie, maar daar was vyf gevalle met enkefalitis en verskeie met otitis. Hulle het almal herstel.

Nieblankes.

Daar was 18(2) sterfgevalle : 2 aan gastro-enteritis en 16 aan broncho-pneumonie. Van laasgenoemde is twee, voordat hulle masels opgedoen het, met ernstige brandwonde in die H. F. Verwoerd - hospitaal opgeneem.

Die meeste van die gevalle is as gevolg van broncho-pneumonie as komplikasie opgeneem en verskillende ander het aan enkefalitis of otitis gely. Daarbenewens moes 'n groot aantal gevalle wat gely het aan ander siektes wat glad nie aan hulle masels verwant is nie, van die H. F. Verwoerd-hospitaal na die Afsonderingshospitaal oorgeplaas word.

KINKHOES.

Dertien(24) Blankes en 17(20) Nieblankes is opgeneem.

Gebiedsverspreiding.	Pretoria.	Ander gebiede.
Blankes	7(21)	6(3)
Nieblankes	12(14)	5(6)

By sowel Blankes as Nieblankes was die rede vir opneming hoofsaaklik broncho-pneumonie as komplikasie en 'n hele paar was baie jong babatjies. Gelukkig het almal herstel.

EPIDEMIESE PAROTITIS (PAMPOENTJIES).

Twintig (12) Blankes en 11(1) Nieblankes is opgeneem.

Gebiedsverspreiding.	Pretoria	Ander gebiede.
Blankes	18(8)	2(4)
Nieblankes	8 (1)	3(0)

Blankes.

Vier gevalle was personeellede van die H.F. Verwoerd-hospitaal. Twee gevalle het orgitis en tien enkefalitis as komplikasie gehad. Daar was geen sterfgevalle nie.

Nieblankes.

Een geval was 'n personeellid van die H.F. Verwoerd-hospitaal. Een geval het aan orgitis en een aan swangerskap met vomering gely. Die ander is vir afsondering van die H.F. Verwoerd-hospitaal af oorgeplaas. Daar was geen sterfgevalle nie.

MENINGITIS: MENINGOKOKKAAL EN ANDER SOORTE.

'n Ligte epidemie van meningokokkale meningitis het gedurende die jaar voorgekom. Dertien (16) Blankes en 31(14) Nieblankes is opgeneem.

Twee gevalle het stafilokokkale meningitis en een pneumokokkale meningitis gehad; die ander het meningokokkale meningitis gehad.

Gebiedsverspreiding.	Pretoria.	Ander gebiede.
Blankes	9(10)	4(6)
Nieblankes	18(6)	13(8)

Blankes.

Daar was 'n hele paar ernstige gevalle, waarvan twee (2) aan meningokokkale meningitis gesterf het.

Nieblankes.

Twee (1) het aan meningokokkale meningitis gesterf. Al twee was by opneming ernstig siek.

WATERPOKKIES.

Sestien (18) Blankes en 47(22) Nieblankes is opgeneem.

Gebiedsverspreiding.	Pretoria.	Ander gebiede.
Blankes	13(16)	3(2)
Nieblankes	21(17)	26(5)

Blankes.

Daar was drie gevalle met broncho-pneumonie en een met encefalitis. Die ander het waterpokkies as 'n toevallige infeksie opgedoen. Daar was 1(0) sterfgeval aan viruspneumonie.

Nieblankes.

Die meeste gevalle het die siekte in die sale opgedoen en is van die H.F. Verwoerd-hospitaal af oorgeplaas.

Daar was geen (1) sterfgevalle nie.

ANDER OPNEMINGS.

LEPROSE.

Gevalle van leprose word in die Regeringsleprosarium te Westfort opgeneem, maar as hulle groot operasies moet ondergaan, word hulle in ons afsonderingsale opgeneem.

Vyf(3) Blankes en 22(25) Nieblankes is vir dié doel opgeneem.
Van hulle het 2(0) Blankes en 4(2) Nieblankes gesterf.

ENKEFALITIS.

Een (6) volwasse Blanke vrou met virusenkefalitis is opgeneem.
Sy het herstel.

WAARNEMINGSGEVALLE.

Ses-en-veertig (33) Blankes en 47(54) Nieblankes is vir waarneming opgeneem., en daar is gevind dat hulle nie aan aansteeklike siektes ly nie. Die meeste van hulle is gestuur as moontlike difterie- of pulmonêre tuberkulosegevalle.

Daar was geen sterfgevalle in dié groep nie.

In die volgende tabel word die getal behandelde gevalle en hulle rasindeling en verspreiding opgesom :

Siekte.	Blankes.		Nieblankes.	
	Pretoria.	Ander gebiede.	Pretoria.	Ander gebiede.
Akute anterior poliomiëlitis	1(1)	1(0)	2(0)	9(1)
Difterie	14(23)	8(10)	22(33)	45(121)
Tifoïde	4(8)	25(14)	26(42)	54(65)
Skarlakenkoors	6(5)	3(0)	0(0)	0(0)
Pulmonêre tuberkulose	16(15)	11(7)	216(222)	162(116)
Masels	71(20)	20(3)	92(59)	67(38)
Duitse masels	14(4)	0(0)	1 (0)	0(0)
Kinkhoes	7 (21)	6(3)	12(14)	5(6)
Pampoentjies	18(8)	2(4)	8(1)	3(0)
Meningitis	9(10)	4(6)	18(6)	13(8)
Waterpokkies	13(16)	3(2)	21(17)	26(5)
Ander opnemings	13(13)	3(0)	23(25)	7(0)
Waarneminggevalle	40(24)	6(9)	30(25)	17(29)
TOTAAL	226(168)	92(58)	471(444)	408(389)

VENERIESE SIEKTES.

Opmerking : Vergelykende syfers, wat in hakies aangetoon word, het betrekking op die tydperk van twaalf maande wat op 1 Januarie 1967 begin en op 31 Desember 1967 eindig. Die meeste klinieke vir veneriese siektes word in die Kliniekgebou vir Spesiale Siektes op die terrein van die H.F. Verwoerd-hospitaal gehou.

DIENTE AAN BLANKES:

Daar word drie sessies per week vir mans en vrouens gehou, insluitende 'n sessie in die laat namiddag ná werksure.

Die personeel, wat ook ander pligte uitvoer, bestaan uit 'n Geneeskundige Beampte, 'n Suster en 'n manlike Kliniekklerk. Alle sessies vir Blankes word waargeneem deur die Geneeskundige Beampte wat aan die hoof van die Hospitaal vir Aansteeklike Siektes staan.

Die volgende tabel toon die getal gevalle wat die kliniek in die loop van die jaar besoek het:-

Diagnose.	Nuwe gevalle.		Bywoning - nuwe en ou gevalle gesamentlik.	
	Mans.	Vroue.	Mans.	Vroue.
Seronegatiëwe primêre sifilis.	8(6)	0(0)	12(17)	0(0)
Seropositiewe primêre sifilis.	10(7)	1(1)	19(17)	3(7)
Sekondêre sifilis	5(2)	12(2)	13(2)	24(11)
Tersiêre sifilis	0(0)	0(0)	0(0)	0(0)
Latente sifilis	9(2)	34(32)	23(19)	129(91)
Neurosifilis	0(0)	0(0)	0(0)	0(0)
Aangebore sifilis (onder 1 jaar)	0(1)	0(0)	0(5)	0(0)
Aangebore sifilis (bo 1 jaar)	0(0)	0(0)	0(0)	0(0)
TOTALE SIFILIS GEVALLE	32(18)	47(35)	67(60)	156(109)

Diagnose.	Nuwe gevalle.		Bywoning - nuwe en ou gevalle gesamentlik.	
	Mans.	Vroue.	Mans.	Vroue.
Gonorree	75(51)	14(12)	217(173)	48(37)
Ulcus Molle	1(0)	0(0)	5(0)	0(0)
Vulvovaginitis	0(0)	0(0)	0(0)	0(0)
Veneriese vratte	4(0)	2(0)	9(6)	4(0)
Nie-spesifieke urethritis	24(0)	3(0)	73(0)	8(0)
Nie-veneries	33(25)	32(12)	63(42)	64(31)
GROOTTOTAAL:	166(94)	98(59)	434(281)	280(177)

DIENTE AAN NIEBLANKES:

Die klinieke vir Nieblankes word by verskeie sentrums gehou. Die hoofklinieke, verreweg die grootste, word, soos reeds verduidelik is, by die Kliniek vir Spesiale Siektes op die terrein van die H.F. Verwoerd-hospitaal gehou. Sessies word ook by die Poliklinieke in Atteridgeville en Mamelodi gehou.

Die personeel van die Sentrale Kliniek is dieselfde as dié vir die Blankes, behalwe dat dit ook twee deeltydse Nieblanke helpers en 'n Nieblanke verpleegster insluit.

Die Geneeskundige Beampte wat aan die hoof van die Afsonderings=hospitaal staan, neem al vier die sessies by die Sentrale Kliniek waar, terwyl die sessies by die ander sentrums deur die Adjunk-Stadsgesondheids=hoof waargeneem word. Daar is dus altesaam ses sessies per week vir Nieblankes in Pretoria en twee sentrums in Bantoewoongebiede waar pasiënte hulle elke dag (behalwe Saterdag en Sondag) vir behandeling kan aanmeld. Die sessies duur ongeveer anderhalfuur, maar die vroeë aandessies by die Sentrale Kliniek duur twee uur.

Die opsporing van kontakgevalle van Nieblankes wat die Sentrale Kliniek besoek, wat hoofsaaklik bedoel is vir huisbediendes wat weg van hulle normale gesinskring lewe, is dikwels onmoontlik vanweë die toevallige aard van die omgang, die aantal kere wat gevalle met verskillende persone omgang gehad het en die moeilikheid wat ondervind word om 'n adres van enige aard te verkry. 'n Aansienlike aantal pasiënte reageer egter op ons versoek om die kontakte aan te raai om self ook die klinieke by te woon.

By die Poliklinieke in die Bantoewoongebiede het ons meer welslae behaal, hoofsaaklik omdat sommige van die faktore wat in die vorige paragraaf vermeld is, nie in dieselfde mate in hierdie gebiede aanwesig is nie.

Afwesigheid of onderbreking van behandeling skep nie 'n groot probleem nie omdat die Bantoe, sodra hy eers met die behandeling begin het, al te gewillig is om hom aan te meld totdat hy genees is. As hy nie meer opdaag nie, is dit meestal weens omstandighede en nie uit vrye keuse nie.

Die volgende tabelle dui die getal pasiënte aan wat gedurende die verslagjaar die verskillende klinieke besoek het :

SENTRALE OF HOOFKLINIEK.

Diagnose.	Nuwe gevalle.		Bywoning - nuwe en ou gevalle gesamentlik.	
	Mans .	Vroue.	Mans.	Vroue.
Seronegatiewe primêre sifilis	100(154)	16(1)	210(399)	31(2)
Seropositiewe primêre sifilis	227(299)	21(27)	426(786)	56(100)
Sekondêre sifilis	246(245)	360(327)	328(425)	716(619)
Tersiêre sifilis	7 (5)	2 (0)	13 (14)	9 (0)
Latente sifilis	95 (121)	53 (109)	197(543)	124(414)
Neurosifilis	0 (0)	0 (0)	0 (0)	0 (0)
Aangebore sifilis (onder 1 jaar)	0 (0)	0 (0)	0 (0)	0 (0)
Aangebore sifilis (bo 1 jaar)	0 (0)	0 (0)	0 (0)	0 (0)
TOTALE SIFILISGEVALLE	675(824)	452(464)	1174(2167)	936(1135)

Diagnose.	Nuwe gevalle.		Bywoning - nuwe en ou gevalle gesament- lik.	
	Mans.	Vroue.	Mans	Vroue.
Gonorrée	837(724)	95(51)	1975(2458)	284(196)
G.C.- vulvovaginitis	0 (0)	0 (0)	0 (0)	0 (0)
Ulcus Molle	8 (0)	0 (0)	26 (0)	0 (0)
Limfogranuloma venereum	1 (1)	0 (0)	3 (1)	0 (0)
Veneriese vratte	30(38)	17 (8)	85 (132)	54 (17)
Nie-spesifieke urethritis	113(0)	0 (0)	374(0)	0 (0)
Nie-veneries	199(150)	219(43)	356(275)	437(74)
GROOTTOTAAL	1863(1737)	783(566)	3993(5033)	1711(1422)
		Mans.	Vroue.	
Getal gevalle wat aan twee of meer veneriese siektes ly.		214(215)	69(33)	
Getal gevalle wat op proef ontslaan is		802(805)	409(511)	
Getal gevalle wat as volkome genees ontslaan is		642(692)	219(112)	

POLIKLINIEK : MAMELODI.

Diagnose	Nuwe gevalle		Bywoning - nuwe en ou gevalle gesament- lik.	
	Mans	Vroue	Mans	Vroue
Seronegatiewe primêre sifilis	7(4)	0(1)	10(7)	0(2)
Seropositiewe primêre sifilis	18(13)	2(3)	36(27)	4(5)
Sekondêre sifilis	9(3)	102(78)	14(4)	176(214)
Tertiêre sifilis	0(0)	9(0)	0(0)	17(0)
Latente sifilis	20(13)	20(43)	32(26)	30(143)
Aangebore sifilis (Onder 1 jaar)	0 (0)	0(0)	0(0)	0(0)
Aangebore sifilis (bo 1 jaar)	0 (0)	0(0)	0(0)	0(0)
Totale sifilisgevalle	54(33)	128(125)	92(64)	227(364)
Diagnose	Nuwe gevalle		Bywoning - nuwe en ou gevalle gesament- lik.	
	Mans.	Vroue	Mans	Vroue.
Gonorrée	39(16)	4(3)	60(37)	9(8)
Nie-veneries	167(86)	14(14)	181 (94)	21(18)
Veneriese vratte	0 (1)	4(2)	0(2)	5(10)
GROOTTOTAAL	260(136)	150(144)	333(197)	262(400)
		Mans.	Vroue.	
Getal gevalle wat aan twee of meer veneriese siektes ly.		3(1)	1(0)	
Getal gevalle wat op proef ontslaan is		32(20)	87(91)	
Getal gevalle wat as uiteindelik genees ontslaan is		10(7)	13(26)	

KLINIEK : ATTERIDGEVILLE.

Diagnose	Nuwe gevalle		Bywoning - nuwe en ou gevalle gesament- lik.	
	Mans.	Vroue.	Mans.	Vroue.
Seronegatiëwe primêre sifilis	0(2)	0(0)	0(4)	0(1)
Seropositiewe primêre sifilis	7(5)	4(6)	21(11)	7(24)
Sekondêre sifilis	6(12)	57(78)	8(22)	111(238)
Tertiêre sifilis	8(0)	0(0)	13(0)	0(0)
Latente sifilis	14(9)	32(37)	17(24)	61(114)
Aangebore sifilis (onder 1 jaar)	3(1)	5(7)	5(2)	14(12)
Aangebore sifilis (bo 1 jaar)	0(0)	0(0)	0(0)	0(0)
Totale sifilisgevalle	38(29)	98(128)	64(63)	193(389)

Diagnose	Nuwe gevalle.		Bywoning - nuwe en ou gevalle gesament- lik.	
	Mans.	Vroue.	Mans.	Vroue.
Gonorrëe	21(13)	0(6)	32(32)	2(22)
Veneriese vratte	0(0)	0(1)	0(0)	0(4)
Nie-veneries	16(15)	36(21)	18(20)	83(41)
GROOTTOTAAL	75(57)	134(156)	114(115)	278(456)

	Mans.	Vroue.
Getal gevalle wat aan twee of meer veneriese siektes ly.	4(3)	2(9)
Getal gevalle wat op proef ontslaan is	28(14)	75(49)
Getal gevalle wat as volkome genees ontslaan is.	11(4)	35(15)

VOORBEVALLING-SIFILISBEHANDELING :

Alle vroue wat die munisipale klinieke vir voorbevallingsorg besoek, word serologies vir sifilis getoets. Nor maalweg word diegene wat dit nodig het, by dié klinieke behandel tensy spesiale omstandighede, hetsy diagnosties of andersins, dit vereis dat hulle na die klinieke vir veneriese siektes moet gaan.

Na die bevalling word die behandeling van hierdie gevalle en hul babas by die klinieke vir veneriese siektes voortgesit.

Die volgende besonderhede toon die getal voorgeboortelike gevalle aan wat by die verskillende klinieke teen sifilis behandel is :

BLANKES.	Stadium van swangerskap.		
	1 - 3 maande.	4 - 6 maande.	7 - 9 maande.
Getal swanger vroue wat serologies getoets is	118(143)	166(158)	64(50)
Getal wie se reaksies positief of twyfelagtig was	8(10)	7(6)	3(2)
Getal wat voorheen (by enige kliniek) behandel is.	0(0)	0(0)	0(0)
Getal wat die eerste reeks behandelings tydens swanger- skap ontvang	1(2)	1(2)	0(0)

NIEBLANKES:

ATTERIDGEVILLESE KLINIEK:

	Stadium van swangerskap.		
	1 - 3 maande.	4 - 6 maande.	7 - 9 maand
Getal swanger vroue wat sero=			
logies getoets is	279(201)	1409(1621)	848(794)
Getal wie se reaksies positief			
of twyfelagtig was	49(32)	165(187)	62(60)
Getal wat voorheen (by enige			
kliniek) behandel is	1(2)	31(47)	15(11)
Getal wat die eerste reeks behande=			
lings tydens swangerskap ontvang.	47(34)	141(112)	61(37)

MAMELODISE KLINIEK :

Getal swanger vroue wat sero=			
logies getoets is	279(270)	1332(1371)	517(540)
Getal wie se reaksies positief			
of twyfelagtig was	42(40)	152(146)	71(36)
Getal wat voorheen (by enige			
kliniek) behandel is	14(16)	52(67)	28(13)
Getal wat die eerste reeks behande=			
lings tydens swangerskap ontvang	42(38)	152(138)	71(36)

KAMPONGKLINIEK:

Getal swanger vroue wat sero=			
logies getoets is	154(160)	755(811)	234(270)
Getal wie se reaksies positief			
of twyfelagtig was	15(16)	51(97)	28(29)
Getal wat voorheen (by enige			
kliniek) behandel is	0(0)	0(0)	0(0)
Getal wat die eerste reeks behande=			
lings tydens swangerskap ontvang	12(11)	58(64)	23(14)

SAULSVILLESE KLINIEK:

Getal swanger vroue wat sero=			
logies getoets is	131	842	348
Getal wie se reaksies positief			
of twyfelagtig was	8	55	33
Getal wat voorheen (by enige			
kliniek) behandel is	2	23	0
Getal wat die eerste reeks behande=			
lings tydens swangerskap ontvang	14	99	27

LAUDIUMKLINIEK:

Getal swanger vroue wat sero=			
logies getoets is	46	60	24
Getal wie se reaksies positief			
of twyfelagtig was	0	2	1
Getal wat voorheen (by enige			
kliniek) behandel is	0	0	0
Getal wat die eerste reeks behande=			
lings tydens swangerskap ontvang	0	0	0

EERSTERUST-KLINIEK:

Stadium van swangerskap.

	1 - 3 maande	4 - 6 maande	7 - 9 maande.
Getal swanger vroue wat serologies getoets is	11	76	32
Getal wie se reaksies positief of twyfelagtig was	5	3	2
Getal wat voorheen (by enige kliniek) behandel is	0	0	0
Getal wat die eerste reeks behandelings tydens swangerskap ontvang	1	1	1

MOEDER- EN KINDERSORGDIENTE.

PERSONEEL:

Gedurende die afgelope jaar het die personeel uit twee voltydse Geneeskundige Beamptes vir moeder- en kindersorgdienste tesame met drie voltydse en vier deeltydse Kliniese Geneeskundige Beamptes bestaan.

Aan die einde van November het die Mediese Beampte wat tien jaar lank in beheer van die Mamelodikliniek was, uit die diens bedank. Hierdie vakante pos kon gevul word.

Die leemte wat by Laudium en Eersterust bestaan het, weens 'n tekort aan geneeskundiges om klinieke daar waar te neem, is opgelos deur die aanstelling van 'n geneesheer op 'n permanente deeltydse basis vanaf Maart vanjaar. Hierdeur kan daar nou drie oggendsessies by Eersterust, nl. 'n kinderkliniek, 'n voor- en nabevallingskliniek sowel as 'n buite= pasiëntekliniek, en by Laudium twee oggendsessies wat uit 'n kinderkliniek en 'n voor- en nabevallingskliniek bestaan, per week behartig word. Die bywoningsgetalle sedert hierdie aanstelling getuig van die behoefte wat daar bestaan het.

Vier Gesondheidsbesoeksters het gedurende die jaar uit die diens bedank. Dit het 'n groot las op die oorblywende personeel geplaas, maar gelukkig kon twee van hierdie poste darem weer gevul word. Een bykomende pos van Gesondheidsbesoekster wat geskep is, kon ook gevul word.

Ten einde 'n enigsins bevredigende diens te kan lewer vir die gebied wat tans deur Groter Pretoria beslaan word, sal daar ten minste tien bykomende poste vir gesondheidsbesoeksters geskep moet word.

Gedurende die jaar het nege Nieblanke Verpleegsters uit die diens bedank. Agt van hierdie vakante poste is reeds gevul.

Een nuwe pos vir 'n Kleurlinggesondheidsbesoekster vir Eersterust is geskep en is gevul deur 'n Raadsamptenaar wat in besit van die nodige opleidingsertifikate was. Dit was die eerste aanstelling van 'n Nieblanke= gesondheidsbesoekster in ons personeel.

Twee ander bykomende poste vir Nieblankekliniekverpleegsters is geskep, nl. een vir Eersterust en een vir Laudium, en albei is gevul.

Aan die einde van die jaar was die volgende Nieblanke Verpleegsters in diens: Een Kleurlinggesondheidsbesoekster, 28 Kliniekverpleegsters, 17 Vroedvroue, en twee Bantoe-assistentverpleegsters vir moeder- en kindersorgwerk, sowel as 12 Verpleegsters wat aan die seksie vir tuberkulosedienste verbonde was.

SITOLOGIESE ONDERSOEKE VAN SERVIKALE SMERE:

Hierdie ondersoeke, waarmee daar seder 14 Februarie 1967 op klein skaal by ons klinieke begin is, het hierdie jaar vermeerder.

Blankes: Die getal servikale smere wat van Blanke pasiënte geneem en ondersoek is, was 218.

Alle nuwe pasiënte wat die gesinsbeplanningskliniek besoek het, het tesame met 'n algemene en 'n ginekologiese ondersoek ook 'n servikale smeer-ondersoek gehad.

By die voorbevallingsklinieke is daar nie by alle nuwe gevalle 'n servikale smeer-ondersoek gedoen nie. Die redes hiervoor was dat daar 'n groot aantal primigravida was wat onder die ouderdom van 20 jaar was, en sommige wat in die ouderdomsgroep bo 20 jaar geval het, het dreigende miskrame gehad. Op die meeste ander pasiënte asook alle nabevallingspasiënte is daar wel sulke ondersoeke gedoen. Omdat die grootste persentasie van ons voorbevallingsgevalle by die Pretoriase Kraamhospitaal beval, gaan hulle ook weer daarheen vir nabevallings-ondersoeke.

Die gevalle was of plaveiselkarsinoom of 'n karsinoom -in-situ waarvoor daar 'n konusbiopsie aanbeveel is. Reëlins is met die Departement Ginekologie van die H. F. Verwoerd-hospitaal getref om elke sodanige geval as 'n spoedgeval vir 'n konusbiopsie na hulle te verwys. Hulle word dan daar verder ondersoek. Die aard van die behandeling hang van die resultaat van die konusbiopsie af.

By gevalle waar daar diskariotiese of ander abnormale selle waargeneem word, beveel die patoloog opvolgondersoeke deur middel van die ondersoek van verdere servikale smere aan. Na gelang van die graad van abnormaliteit wat daar by die selle gevind word, word hierdie herhalings-ondersoeke of drie- of sesmaandeliks gedoen.

In gevalle van foliensuurgebrek word die smere na toepaslike behandeling herhaal.

Van die 218 smere van Blanke vroue wat ondersoek is, was vier positief. In 'n verdere ses gevalle moet verdere smere ondersoek word; drie van hulle driemaandeliks en die ander drie sesmaandeliks.

Vir sover dit die vier positiewe gevalle betref, kan daar soos volg oor hulle berig word :

A. 23 jaar oud, Grava IV:

Abnormale selle is by twee geleenthede gedurende die voorbevallingstydperk gevind.

'n Nabevallingsmeer het plaveiselkarsinoonselle getoon. Die pasiënt het 'n konusbiopsie gehad, en die geval word deur die Departement van Ginekologie van die H. F. Verwoerd-hospitaal opgevolg.

B. 26 jaar oud, Grava III:

Atipiese en abnormale selle is gedurende die voorbevallingstydperk gevind. Met 'n derde opvolgondersoek was daar plaveiselkarsinoonselle aanwesig.

Na haar bevalling is verdere opvolgondersoeke gedoen. 'n Konusbiopsie is gedoen. Karsinoom-in-situ is gevind en sy het 'n histerektomie gehad.

C. 22 jaar oud, Grava III:

Herhaalde ondersoekte het plaveiselk arsinoomselle getoon. 'n Konusbiopsie is gedoen en haar geval word deur die Departement Ginekologie opgevolg.

D. 29 jaar oud, Grava V:

Herhaalde smere het plaveiselkarsinoomselle getoon. 'n Konusbiopsie het dit bevestig en haar geval word ook deur die Departement Ginekologie opgevolg.

Al vier hierdie gevalle het 'n onbevredigende sosio-ekonomiese agtergrond gehad wat, tesame met die feit dat hulle al vier Grava III of meer was, verband hou met die epidemiologie van karsinoom van die serviks.

Wat belangrik is, is dat as gevolg van vroeë waarneming, diagnose, behandeling en opvolging, hierdie jong moeders nou 'n uitstekende kans het om hulle gesinne te versorg en daar word nie verwag dat hulle onverhoeds op 'n vroeë ouderdom aan karsinoom van die serviks sal beswyk nie.

NIEBLANKES:

By die Nieblankeklinieke het ons vanaf die begin van die jaar tot Junie net sporadies servikale smere geneem en wel by pasiënte van 30 jaar en ouer.

Vanaf Junie kon ons om verskeie redes intensiewe aandag hieraan skenk.

Feitlik elke nuwe geval by die gesinsbeplanningsklinieke sowel as pasiënte wat herbesoeke aflê, asook pasiënte by die nabevallingsklinieke, word nou spesiaal vir die aanwesigheid van ginekologiese kanker ondersoek. Waar daar aanduidings daarvan bestaan, word ook smere van pasiënte onder die ouderdom van 30 jaar geneem.

Dit is tans vir ons nog heeltemal onmoontlik om alle voorbevallingspasiënte hiervoor te ondersoek weens die groot getalle pasiënte wat hierdie klinieke bywoon.

Altesaam 1736 smere is vir ondersoek van ons Nieblankeklinieke af gestuur. Hiervan was 29 positief, en 59 moet driemaandelike en 21 sesmaandeliks opgevolg word.

Die volgende tabel gee 'n uiteensetting van die bevindings by die verskillende klinieke vir Nieblankes :

Kliniek.	Getal smere geneem	Positief.	3-maandelikse herondersoek	6-maandelikse herondersoek.
Atteridgeville	656	9	10	4
Saulsville	363	11	18	6
Mamelodi	333	8	19	6
Eersterust(Kleur linge)	163	-	9	2
Laudium (Indiërs)	138	-	2	-
Kampong	83	1	1	3
TOTAAL	1736	29	59	21

Die gevalle wat in die bostaande tabel as positief vermeld word, is nie almal gevalle van karsinoom nie, maar wel dié wat deur 'n onderlinge reëling as spoedgevalle vir 'n konusbiopsie na die H.F. Verwoerd-hospitaal verwys word.

Dit is ongelukkig so dat heelparty van die Nieblankes nooit vir dié ondersoek by die hospitaal opdaag nie. Die samewerking tussen ons klinieke, waar die smere geneem word, die Departement Ginekologie van die H.F. Verwoerd-hospitaal en die patoloë wat die mikroskopiese ondersoeke doen, laat ongelukkig ook nog veel te wense oor; die nodige opvolgwerk met die pasiënte word hierdeur erg gestrem. Alle pogings word aangewend om hierdie sake te verbeter. Indien haakplekke so goed moontlik uitgestryk kan word, word daar verwag dat daar in die toekoms akkurater syfers verstrek kan word van welke gevalle by Nieblankes wel as kwaadaardige toestande bewys is.

GESUBSIDIEERDE MELKPOEIERSKEMA:

Behalwe by die Kampongklinik, vanwaar 'n groot aantal gevalle na die klinieke by Laudium en Eersterust oorgeplaas is, was hierdie skema vanjaar in werking by die klinieke in Atteridgeville, Saulsville en Mamelodi.

By die Atteridgeville-kliniek was daar gemiddeld 40 pasiënte wat die melkpoeierskema gereeld benut het en wat dan ook die verwagte vordering in hulle gesondheidstoestand getoon het. Diegene wat in die verlede ongereeld bygewoon het, is uitgeskakel. 'n Paar van hulle het later met 'n onbevredigende voedingtoestand teruggekom en is weer by die skema ingeskakel. Hulle het egter gewoonlik dieselfde onbevredigende patroon van bywoning as in die verlede gevolg.

By die Saulsville-kliniek is daar 25 pasiënte wat gereeld weekliks hulle melk kry en wat die verwagte verbetering toon.

Vanjaar is daar 115 nuwe gevalle by die skema in Mamelodi ingeskakel. Altesaam 743 kinders het hier melk gekry. Vyf het so verbeter dat hulle geen verdere melkpoeier ontvang nie en nou net die voedingskema bywoon. Drie het die gebied verlaat, terwyl dertig 'n tyd lank die Kliniek bygewoon en toe verdwyn het en nie deur die verpleegsters opgespoor kon word nie.

By die Eersterustklinik is daar gedurende die jaar melkpoeier aan 863 pasiënte gegee. Oor die algemeen is sosio-ekonomiese toestande in hierdie Kleurlinggebied baie onbevredigend. Gewoonlik is die getal kinders per huisgesin groot en die inkomste maar klein. Ook is die vaders dikwels onverantwoordelik en werk nie gereeld nie. Die kinders wat hier melk kry, ly gewoonlik aan ernstige wanvoeding, maar ons het geen gevalle van kwasjiorkor sien ontstaan nie. Ons meen dat die melk daartoe bydra dat die kinders ten spyte van hul onbevredigende voedingstoestand, tog nie kwasjiorkor ontwikkel het nie.

By die Laudiumkliniek, 'n Indiërwoonbuurt, het 269 kinders gedurende die jaar melkpoeier gekry. Hulle was hoofsaaklik kinders uit die arm en minder gegoede gesinne. Bywoning was gereeld en die vordering van die pasiënte baie bevredigend.

Die melk is deurgaans teen 2½c per pond verkoop. Dit is dikwels frusterend om te weer hoeveel meer pasiënte van hierdie diens gebruik behoort te maak en dit tog nie doen nie. Omdat ons daarvan oortuig is dat ten spyte van enkele wanpraktyke, die grootste deel van die melk tog vir die doel gebruik word waarvoor dit gegee word, meen ons dat daar met hierdie skema voortgegaan behoort te word.

PERSELE:

Die persele is grotendeels dieselfde as dié wat in verlede jaar se verslag gemeld is. Dit bly nog steeds 'n plesier om in die nuwe kliniek in Munitoria te werk. Die ruimte en die stilte skep ideale werksomstandighede vir die personeel, en die publiek kan daar met gemak, selfs tydens groot immuniseringsveldtogte, gehanteer word.

Die drie ondersoekkamers wat gedurende verlede jaar by die Mamelodikliniek aangebou is, het die werk daar baie vergemaklik.

Gedurende die jaar is daar ook 'n nuwe ondersoekkamer by die Saulsvillekliniek aangebou en 'n groot deel van die bestaande kliniek is tot 'n praktieser eenheid verbreek en herbou. Werksomstandighede het as gevolg daarvan grootliks verbeter.

By die Eersterustkliniek is daar deur die aanbring van 'n deur en 'n paar wasbakke verbeterings bewerkstellig.

ALGEMEEN:

Alle klinieke is weer eens dwarsdeur die jaar druk besoek. Die bywoningsyfer by alle klinieke te Laudium en Eersterust was baie hoër as verlede jaar, weens die feit dat die dienste van 'n permanente deeltydse dokter nou beskikbaar is. Die bywoning by Eersterust se kindersorgkliniek is so goed dat dit nog 'n sessie per week regverdig. Ongelukkig is die nodige kragte hiervoor tans nie beskikbaar nie.

Vir sover dit die kontrole van stafilokokke betref, is daar weggedoen met die roetine-aanwending van neusroom. Dit wil voorkom asof geen werklike positiewe resultate deur hierdie maatreël verkry is nie. Oorlegpleging met ander gesaghebbendes op hierdie gebied, sowel as eie waarneming, het dit hierdie jaar nog duideliker as in die verlede aan die lig gebring dat die toepassing van streng higiëniese maatreëls op alle gebiede die enigste wyse is om stafilokokbesmetting doeltreffend te beheer. Hierdie benadering tesame met uitstekende samewerking van alle private kraaminrigtings het 'n groter afname in stafilokokbesmetting teweeggebring as wat met ander pogings in die verlede teweeggebring kon word.

Die bakteriologiese bewys van 'n afname in besmetting is vir die personeel van die betrokke inrigtings 'n groot aanmoediging en hulle beskou dit nou as 'n uitdaging om te sien in watter mate hulle deur die toepassing van hierdie beginsels hulle inrigting en pasiënte teen die gevaar van besmetting kan beskerm.

HUISBESOEKE DEUR GESONDHEIDSBESOEKSTERS:

(Syfers vir 1967 in hakies).

1968.	Eerste besoeke.	Daaropvolgende besoeke.	Getal siek babas besoek	Totale besoeke.
	4154(4170)	2003(2200)	674(811)	6831(7181)

BESONDERHEDE VAN KLINIEKBYWONINGS:

	Eerste bywoning.	Herbywoning.	Deur geneesheer ondersoek.
Sentraal (Dinsdag)	178(126)	394(401)	506(498)
Sentraal (Woensdag)	141(142)	1001(922)	
Sentraal (Vrydag)	131(150)	727(791)	
Bloedstraat	48 (58)	399(486)	
Pretoria-Wes	207(249)	2110(2688)	518(715)
Proclamation Hill	86(62)	601(566)	
Wespark	82(55)	448(398)	
Gezina	65(53)	483(491)	
Villieria (Woensdag)	149(186)	1239(1520)	251(317)
Villieria (Donderdag)	88(99)	515(685)	
Wonderboomsuid	69(68)	513(492)	
Mayville	123(116)	782(669)	
Capital Park	75(68)	727(550)	
Hatfield	51(55)	291(307)	
Nieu-Muckleneuk	74(42)	530(482)	
Sunnyside (Dinsdag)	212(199)	1584(1586)	
Sunnyside (Woensdag)	169(148)	1457(1462)	
Riviera	82 (84)	590(873)	97 (103)
Salvokop	33 (53)	441(418)	
Danville	157(130)	1780(1841)	683(644)
Weermagterrein	20 (33)	254(289)	
Arcadia	148(146)	1210(750)	
Hercules	243(239)	3003(2962)	828(1076)
Booysens	89 (91)	582(709)	
Mountain View	76 (97)	533(916)	
Pretoria Gardens	119(88)	732(668)	
Rietfontein-Noord	20(28)	293(224)	
Voortrekkerweg	44(59)	329(360)	
Pierneef straat	59(87)	522(670)	
Brooklyn	96(74)	658(581)	

BYWONINGS VAN VOORBEVALLINGSKLINIEKE.

	Sentraal.	Danville.	Hercules.	Totaal.
Getal nuwe gevalle	166(173)	91(83)	133(149)	390(405)
Totale bywonings	989(1090)	514(488)	981(1044)	2484(2622)

TANDKLINIEK:

Getal gevalle wat die Tandkliniek bygewoon het	29(30).
--	---------

IMMUNISERINGSKLINIEK:

Getal gevalle ten volle teen difterie geïmmuniseer	4226(4622)
Getal gevalle ten volle teen kinkhoes geïmmuniseer	3615(3771)

KRAAMTOESIG:

Getal kraamtasse geïnspekteer	108(89)
Getal besoeke aan vroedvroue	25 (20)
Getal besoeke aan vroedvrougevalle	1 (1)
Getal besoeke aan kraaminrigtings	26 (20)

TEHUISE VIR BEJAARDES:

Getal tehuise vir bejaardes	22 (18)
Getal besoeke aan tehuise vir bejaardes	14 (25)

STATISTIEKE TEN OPSIGTE VAN NIEBLANKES:

HUISBESOEKE. (Syfers vir 1967 tussen hakies.)

	Kampongkliniek.			Atteridgeville.Saulsville.	
	Bantoes.	Asiërs.	Kleurlinge.	Bantoes	Bantoes.
Eerste besoeke aan pasgeborenes	13(17)	110(132)	114(81)	1196(1366)	1946(1772)
Daaropvolgende besoeke	29(16)	1238(1333)	685(570)	2640(2802)	3310(1940)
Besoeke aan siek kinders	-(-)	2(30)	1(-)	11(4)	2 (2)
	Mamelodi.		Laudium.	Eersterust.	
	Bantoes.		Asiërs.	Kleurlinge.	
Eerste besoeke aan pasgeborenes	1331(1491)		285(165)	371(344)	
Daaropvolgende besoeke	610(443)		481(211)	758(45)	
Besoeke aan siek kinders	2 (-)		-(-)	-(-)	

BYWONING VAN KINDERSORGKLINIEKE:

	Kampongkliniek.			Atteridgeville.Saulsville.	
	Bantoes.	Asiërs.	Kleurlinge.	Bantoes.	Bantoes.
Eerste bywoning	302(430)	105(106)	117(94)	1179(1148)	1957(1946)
Herhaalde bywonnings	1745(2076)	1583(1851)	1700(1766)	19203(19899)	26631(25393)
Deur geneesheer ondersoek	775(854)	476(553)	583(876)	6752(6894)	8844(9838)
	Mamelodi.		Laudium.	Eersterust.	
	Bantoes.		Asiërs.	Kleurlinge.	
Eerste bywonnings	3476(3495)		166(171)	308(268)	
Herhaalde bywonnings	38858(40674)		2816(2643)	7369(4381)	
Deur geneesheer ondersoek.	10875(12311)		1886(1308)	3430(1532)	

VOORBEVALLINGSKLINIEKE :

	Bantoes.	Kampongklinik. Asiërs.	Kleurlinge.	Atteridgeville. Bantoes.	Saulsville. Bantoes
Getal nuwe gevalle	988(911)	81(162)	134(178)	1174(1156)	1744(1788)
Getal bywonings	4427(3971)	672(1302)	948(1107)	7479(7355)	7887(8878)
		Mamelodi. Bantoes.	Laudium. Asiërs.	Eersterust. Kleurlinge.	
Getal nuwe gevalle		2174(2218)	131(-)	139(-)	
Getal bywonings		14290 (13586)	1145(-)	1006(-)	

BEVALLINGS DEUR VROEDVROUW WAARGENEEM:

Atteridgeville.	Saulsville.	Mamelodi..
438(343)	556(589)	217(289)

IMMUNISERING:

Getal gevalle teen difterie geïmmuniseer	3989(3611)
Getal gevalle teen kinkhoes geïmmuniseer	3229(3058)

GENEESKUNDIGE ONDERSOEKE.

Mediese ondersoeke van persone wat in die Stadsraad se diens tree, word daagliks uitgevoer. Daar is ook spesiale ondersoeke ingevolge die Ongevallewet of om Pensioenfonds- of ander redes. Altesaam 1780 sulke mediese ondersoeke is gedurende die onderhawige jaar uitgevoer.

GENEESKUNDIGE DIENSTE VIR NIEBLANKES - 1968.

	Kampong. geville.	Atterid= ville.	Mame= lodi.	Mame = lodi-Oos	Sauls= ville.	Laudium.	Eersterust.
Kindersorgklinieke	1	2	2	-	2	1	2
Klinieke vir vene- riese siektes	-	1	1	-	-	-	-
Voor-en nabeval- lingsklinieke	2	1	1	-	1	1	1
Tuberkuloseklinieke	1	1	1	1	1	1	1
Algemene buite- pasiëntklinieke	-	2	2	-	2	1	1

Verdere besonderhede van kindersorg-, veneriese siekte-, tuberkulose- en voorbevallingsklinieke verskyn elders in hierdie verslag.

KLINIESE OPGAWES:

	Kampong. ville.	Atteridge= ville.	Mame= lodi.	Sauls= ville.	Laudium.	Eersterust.
Getal nuwe pasiënte	-	8375	9960	5625	484	647
Getal herbesoeke	-	13213	16185	21135	1694	1158
Getal verbande aangebring.	1320	15683	14034	16800	67	288

Benewens die bostaande word buitepasiëntklinieke vir Munisipale Nieblanke werknemers elke oggend, behalwe op Sondae en openbare vakansiedae, gehou. In die loop van die jaar is daar 2867 siek werknemers behandel en 1244 werk- nemens wat beserings opgedoen het, medies ondersoek en behandel.

TANDHEELKUNDIGE DIENSTE.

Die Gesondheidsafdeling van die Stadsraad van Pretoria bied self geen tandheelkundige diens aan nie, maar werk ten nouste saam met die Pretoriase Tandheelkundige Kliniek sedert sy ontstaan.

Hierdie kliniek, wat die eerste in sy soort was wat hier in Transvaal tot stand gekom het, het gedurende 1928 begin funksioneer toe 'n groep tandartse wat in private praktyk in Pretoria was, begin het om in 'n vertrek wat deur die Gesondheidsafdeling van die Stadsraad beskikbaar gestel is, gratis tandheelkundige dienste aan minder bevoorregte lede van die publiek, veral kinders, te lewer.

Uit hierdie diens het die huidige Pretoriase Tandheelkundige Kliniek, wat deur die Staatsdepartement van Gesondheid, die Transvaalse Provinsiale Administrasie en die Stadsraad van Pretoria gesubsidieer word, ontwikkel. Die Stadsraad word deur een van die Raadslede en die Adjunk-stadsgesondheidshoof in die raad van die Kliniek verteenwoordig.

Die Kliniek gee aandag aan die Blanke voorskoolse kind, die Blanke skoolkind, en die Blanke verwagte vroue wat deur die Gesondheidsafdeling van die Stadsraad na die Kliniek verwys word.

Aan Nieblankes word tandheelkundige dienste ook by die munisipale klinieke te Atteridgeville en die kampongkliniek gelewer. Op versoek van die Stadsraad sal die diens wat by die kampongkliniek gelewer word, in die nuwe jaar na Mamelodi verskuif word.

Gedurende die jaar is 96 skole besoek en 53,645 skoliere ondersoek. Tydens hierdie ondersoeke is daar gevind dat 47% van die skoliere wat ondersoek is, een of ander vorm van tandheelkundige behandeling nodig gehad het. Leerlinge wat dit kon bekostig, is na private tandartse verwys, en diegene wat dit nie kon bekostig nie, is deur die Kliniek behandel.

Die volgende tabel is 'n opsomming van die kliniese werk, uitgesonderd ortodonsie, wat deur die Kliniek gedoen is.

STATISTIEKE : KLINIESE WERK : APRIL 1968 - MAART 1969.

	Voorskoolse kinders.	Provinsiale skoolkinders.		Volwasse nes.	Totaal 1968/69.	Totaal 1967/68.
BLANKES:						
Nuwe pasiënte	206	5778	316	89	6389	5880
Pasiënte ontslaan	111	4437	288	29	4865	4704
Besoëke	566	15340	828	294	17028	15604
Ondersoeke en karterings	146	5257	294	61	5758	5404
X-straalfoto's	3	436	46	-	485	570
Profilakse en tandvleis= behandeling	8	128	13	9	158	115
Vulsels/wisseltande	250	2872	75	-	3197	3898
Vulsels/permanente tande	2	8194	486	128	8810	10986
Vulsels/silikaat	-	856	67	19	942	976
Inlegsels	-	43	4	-	47	100
Krone en brûe	-	17	-	-	17	13
Ekstraksies/wisseltande	263	5193	122	-	5578	5608
Ekstraksies/permanente tande	2	2337	132	208	2679	2552
Wortelkanaalvulsels	-	98	1	2	101	114
Pulpotomië	-	2	-	-	2	19
Kunsgebitte	-	121	16	10	147	179
Chirurgiese gevalle	-	10	1	1	12	30
Ander behandelings	86	945	62	45	1138	368
NIEBLANKES:						
	Onder 18 jaar.		18 jaar en ouer.		Totaal. 1968/69	Totaal 1967/68.
Besoëke	1293		5611		6904	6718
Ondersoeke en karterings	4		6		10	36
Ekstraksies/wisseltande	881		10		891	931
Ekstraksies /permanente tande	815		7112		7927	8065
Ander behandelings	1		3		4	18

Vir sover dit ortodonsie betref, het 137 pasiënte gedurende die jaar 1968 besoeke vir ortodontiese behandeling by die Kliniek afgelê.

GESONDHEIDSVORLIGTING.

Alhoewel hierdie Afdeling nie 'n spesiale onderafdeling het wat met gesondheidsvoorligting belas is en uitsluitlik aan dié onderwerp aandag skenk nie, word die belangrikheid van gesondheidsvoorligting terdeë beseef en word baie tyd en aandag daaraan bestee.

Dit is die oorwoë mening van hierdie Afdeling dat die geleentheid vir die suksesvolste voorligting hom daagliks voordoen wanneer sy amptenare amptelik en soms nie-amptelik met lede van die publiek in aanraking kom en hulle moet tereg wys of van raad moet bedien. Daar kan byvoorbeeld geen beter geleentheid wees om voorligting oor die voordele van immunisering te gee as juis wanneer daar 'n geval van 'n voorkombare siekte in die gemeenskap voorkom nie. Elke lid van die personeel gee dus daagliks gesondheidsvoorligting in die uitvoering van sy of haar gewone pligte.

Bo en behalwe die reeds genoemde metode, word so dikwels as die geleentheid hom voordoen van die pers en die radio gebruik gemaak om gesondheidsvoorligting as deel van nuusitems, wat die belangstelling van die publiek gaande maak, oor te dra. So is daar elke keer in die nuusitems oor die voorkoms van gevalle van witseerkeel of polio klem gelê op die voordele van immunisering en die feit dat sodanige immunisering gratis by munisipale klinieke in die woongebiede van die verskillende rassegroepe aangebied word.

'n Ander vlak waarop gesondheidsvoorligting plaasvind, is die toespraak van sekere groepe persone deur amptenare van die Afdeling. Gedurende die jaar het die Stadsgesondheidshoof die jaarvergadering van die Pretoriase tak van die S.A.N.T.V., wat 'n ope vergadering was, oor "Die bestryding van Tuberkulose", en by twee ander geleenthede vroueverenigings oor "Veneriese Siektes" toegesprek. Die Adjunkstadsgesondheidshoof het tweemaal die geleentheid gehad om oor Radio Bantoe te praat, een maal oor "Witseerkeel" en een keer oor "Polio", en die Hoofgesondheidsbesoekster het op haar beurt weer 'n vrouevereniging oor "Die Werk van die Munisipale Verpleegster" toegesprek.

Die Mediese Beampte, Tuberkulosedienste, het 'n lesing oor "Tuberkulose" aan lede van die Kersseëlfonds gegee en het verder ook 'n lesing oor dieselfde onderwerp aan die maatskaplike werkers van die Afdeling Nieblankesake gegee. Hierdie maatskaplike werkers dra die boodskap verder uit in hul daaglikse onderhoude met lede van die Nieblankegemeenskap.

Een van die Veeartse in die Raad se diens het 'n groep jong mense oor "Soönose" toegesprek, en die Mediese Beampte, Moeder-en Kindersorgdienste, het kursusgangers oor "Moeder-en Kindersorgdienste" toegesprek.

Omdat daar beseef word dat die personeel in die Afdeling behoorlik toegerus moet wees om voorligting te kan gee, het vier lede van die personeel, naamlik twee Gesondheidsbesoeksters en twee lede van die gesondheidsinspektoraat, gedurende die jaar die kursus in gesondheidsvoorligting wat deur die Staatsdepartement van Gesondheid aangebied was, bygewoon, en daar word beoog om voort te gaan om aansoek te doen dat personeel van die Afdeling hierdie kursusse bywoon.

Daar word op die oomblik verder van aanplakbiljette wat uit verskeie oorde verkry word, by klinieke gebruik gemaak. Die Afdeling is ook besig om geskikte voorligtingsmateriaal vir gebruik by klinieke bymekaar te maak en daar word verder beoog om self sekere voorligtingsmateriaal saam te stel wat by klinieke gebruik sal word.

PRETORIASE SLAGPLAAS.

Die personeel by die Slagplaas is soos volg:

Bestuurder	Dr. W.J. Wheeler.
Hoofklerk	Mnr. A.G.B. Pattison.
Superintendent, Neweprodukte en Verkoelings= installasie	Mnr. B. de Lange.
Afdelingsvleisinspekteur	Mnr. T.J. van der Heever.
Tikster	Een
Toesighoudende Vleisinspekteur	Een
Vleisinspekteurs	Vier
Vleisondersoekers	Drie
Instandhoudingsbeampte	Een
Werkwinkelassistent	Een
Senior Masjien- en Stoomketelbedieners	Vier
Masjien-en Stoomketelbedieners	Vier
Werfvoorman	Een
Werkplaasassistente	Twee
Skoonmaker/nasieners	Drie
Skoonmakers	Drie
Totaal: Blankes	32
Nieblankes	47

Daar bestaan vyf poste vir Vleisondersoekers, maar om verskillende redes kon net drie opgelei word en hulle wag nog op hulle eksamenuitslae.

Omdat dié drie persone, wat opleiding as Vleisondersoekers ontvang, aflosinspekteurs uit die Gesondheidsafdeling grotendeels vervang, het dit heelwat verligting in die werk van die Gesondheidsinspekteurs teweeggebring.

Daar word verwag dat daar vroeg in 1969 met die opleiding van nog twee Vleisondersoekers begin sal word.

TOEVOER VAN SLAGVEE:

1. Beeste.

Daar was weereens 'n daling in die aantal beeste wat geslag is. Skynbaar was die beesboere besig om hulle veestapel op te bou na die langdurige droogte.

Die kwaliteit van slagbeeste was deurgaans goed, en al hoe meer gevoerde jong beeste word na die Slagplaas gestuur.

Pryse wat op die veilings behaal is, was deurgaans hoër as voorheen en teen die einde van die jaar het hulle die hoogte ingeskiet.

2. Skape en bokke.

In Pretoria word daar maar min bokke geslag, maar die aantal skape het gedurende die jaar skerp gestyg. Met die voltooiing van die nuwe slagapparaat kon skape en beeste gelyktydig geslag word en kon die aantal skape wat gehanteer is, vinnig opgestoot word.

Aangesien daar skynbaar genoegsame aanbiedinge van skape voorkom, is dit waarskynlik dat die slagsyfers vir hierdie diere steeds sal styg.

Die bestendigheid van pryse deur die jaar is 'n aanduiding daarvan dat die mark nie oorlaai was nie.

3. Varke.

Die slagsyfers vir hierdie diersoort is ook aansienlik hoër. Ongelukkig is daar weens die hoë koste van veranderings wat reeds elders in die gebou gemaak is, geen verbeterings aan hierdie slagsaal gemaak nie.

Indien daar nog hoër eise aan hierdie seksie gestel word, sal daar sekerlik versoeke kom vir verbeterde geriewe hier.

Alhoewel die gemiddelde gehalte van die varke stadig verbeter het, bly die kwaliteit laag. Die beste kwaliteit varke vir uitvoer gaan meestal na abattoirs wat spesiaal vir dié doel geskep is.

4. Perde, muile en donkies.

Ook hier toon die aantal geslagtes 'n vermeerdering. Mededinging in die handel is moontlik daarvoor verantwoordelik.

5. Pluimvee.

Daar was weer eens 'n uitbreking van Newcastle-siekte onder pluimvee in die Pretoriase gebied. Maatreëls wat die Regering getref het, het onder andere die verkoop van pluimvee by die abattoir in plaas van by die mark en die slag van alle pluimvee by die abattoir behels. Gevolglik is daar van Augustus af hoë eise aan die personeel van die pluimveeabattoir gestel en het die slagsyfers ook die hoogte ingeskiet.

Die geriewe is egter ontoereikend en die gehalte van die slagwerk laat veel te wense oor.

Sodra kwarantynmaatreëls opgehef word, sal daar seker min pluimvee geslag word en kan verkope weer by die mark geskied.

VERANDERING AAN DIE ABATTOIR.

Met voltooiing van die skaapsaalseksie kon skape en beeste gelyktydig geslag word. Heelwat verligting is daardeur ondervind en almal kon met groter gemak werk.

Die neweproduktefabriek is gedurende die jaar voltooi, maar allerlei probleme is ondervind voordat produkte van die vereiste gehalte vervaardig kon word. Daar is nou om registrasie van die produkte aansoek gedoen.

Daar is 'n groot hoeveelhede materiaal ter hande wat verwerk is terwyl veranderings aan die fabriek aangebring is. Dié materiaal (karkasse) voldoen nie aan die regsvereistes nie en sal as abattoirafval per tender verkoop word.

Met die veranderings aan die verkoelingsinstallasie was daar onvoorsiene vertragings. Weens die verouderde masjiene en geboue moes daar al hoe meer vervanging plaasvind. Die finale opknapping is ook nog nie voltooi nie.

Daar was lang tye waarin daar geen verkoeling beskikbaar was nie en aan die einde van die jaar was net die helfte van die kamers beskikbaar.

Gedurende die tyd waarin daar geen verkoeling beskikbaar was nie, moes die Vleisraad twee veilings per dag hou en dit het die handel ontwrig.

Die veranderings aan die verkoelingsgeriewe sal heelwat meer kos as waarvoor beraam is, en die geriewe sal selfs dan nog nie heeltemal doeltreffend wees nie.

Daar sal hopelik eersdaag met die installering van die nuwe stoomketel 'n begin gemaak word.

Dit wil voorkom of die oorspronklike beraming van R250,000 ten opsigte van die veranderings met sowat R120,000 oorskry sal word; die beoogde verbeterings kon nie eens almal gedoen word nie.

Die bestaande tekortkominge is die volgende :

1. Die dreineringsstelsel van die spoorwagsylyn is ontoereikend en die aflaaiperronne te kort.
2. Die afvalseksie is ondoeltreffend en behoort herbou te word.
3. Die vloere in die slagsale is alreeds erg verweer.
4. Teerblaaie in sekere dele is verweer.
5. Die varkslagseksie behoort herbeplan en omskep te word.
6. Die muur om die abattoir is te laag.
7. Baie van die krale is nie onder dak nie.

NUWE ABATTOIR.

Nog 'n jaar het verby gegaan sonder dat daar skynbaar vordering gemaak is met die oprigting van 'n nuwe abattoir.

Die betrokke Minister het die Raad versoek om self die onderneming aan te pak. Die Raad het egter na oorweging sy vorige besluit bevestig, naamlik dat hy nie self bou nie. Verdere onderhandelings moet nog geskied.

Intussen word dit al hoe dringender dat die huidige perseel ontruim word. Ten spyte van die veranderings sal nuwe moeilikheid binnekort opduik. Die higiëniese toestand laat ook veel te wense oor.

NEWEPRODUKTE.

Die verkope vir die jaar was soos volg:

Karkasmeel	92 ton
Bloedmeel	139 ton
Vet	155 ton
Varkhaar	8801 lb.

Die tonnemaat karkas- en bloedmeel verteenwoordig net dié wat as abattoirafval verkoop is omdat dit weens 'n oormaat vet en vog nie as veevoedsel geregistreer kon word nie.

Die bloed wat nie verwerk kon word nie, is weggewas, maar karkasmateriaal is verwerk en eenvouding in hope geberg. dit sal nou hopelik per tender verkoop kan word. Noudat die fabriek weer in werking is, sal registrasie van die produkte moontlik weer kan geskied en sal hoër pryse weer verkry kan word.

'n Sekere aantal afgekeurde beeskarkasse word aan die plaaslike dieretuin en aan Onderstepoort verkoop en daardeur word die druk op die fabriek effens verminder.

SIEKTETOESTANDE:**Beeste.**

By beeste is masels (blaaswurmsiekte) nog die oorsaak van die meeste afkeurings. Die persentasie besmette karkasse was omtrent dieselfde as gedurende die vorige jaar. Kneusing wat grootliks veroorsaak word gedurende vervoer en kraling, vind veral onder beeste met horings plaas.

Tuberkulose is meesal gevind in melkkuddes waar die diere op die tuberkulientoets gereageer het en om daardie rede geslag word.

Oor die algemeen is die beeste in 'n goeie toestand ontvang en 'n groot persentasie was gevoer en redelik parasietvry.

Die meeste kalwers is weens onvolgroeidheid afgekeur. Miskien toon die afname in die aantal geslagte kalwers dat dit lonend word om kalwers van melkkuddes groot te maak.

Skape en bokke.

Kaasagtige limfadenitis word nog in 'n groot mate by Merino-skape gevind, maar die absesse kom gewoonlik so gelokaliseer voor dat net gedeeltes van karkasse afgekeur word.

'n Groot persentasie lewer word nog afgekeur weens lintwurm-besmetting (stilesia).

Baie skape vrek nog steeds in die krale as gevolg van metaboliese steuring wat veroorsaak word deur die geweldige afstande waarvoor hulle vervoer word vanuit die Karoo en die Suid-Vrystaat.

Die getalle sou skrikwekkend hoog gewees het as daar nie soveel diere geslag is sodra hulle simptome van hierdie toestand toon nie.

Varke.

Hier oorheers masels die prentjie en daar is ook 'n toename in die voorkoms in vergelyking met die vorige jaar.

Baie varke kom nog uit die Bantoegebiede, en besmetting word grootliks in hierdie diere gevind.

Perde.

Hier word die meeste afgekeur weens kwaadaardige gewasse wat amper uitsluitlik in grys perde voorkom in die vorm van swart vergroeiels (melanien).

Hoenders.

Die meeste afkeurings is op grond van die voorkoms van kwaadaardige gewasse in die inwendige organe.

ALGEMEEN :

Gedurende die jaar was dit nodig om die abattoirtariewe te wysig. Die Abattoirkommissie het hierdie verandering baie gou deurgevoer en dit was aangenaam om met dié liggaam saam te werk.

Gedurende die komende jaar sal dit hopelik moontlik wees om vas te stel of die nuwe tariewe die bedryfskoste sal dek.

SISTISERKOSE (MASELS).

		1967	Totaal in koelkamer behandel.
	Totaal aangetas.	Totaal afgekeur.	
Beeste	4582 ³ / ₄ of 4.89%	1017 of 1.08%	3565 ³ / ₄ of 3.80%
Varke	1223 of 2.51%	1035 of 2.13%	1884 of 0.387%
		1968	
Beeste	4081 of 4.67%	977 of 1.11%	3104 of 3.55%
Varke	1540 of 4.90%	1283 of 2.51%	257 of 0.50%

ORGANE VAN KARKASSE WAT MET SISTISERKOSE BESMET WAS EN IN
MUNISIPALE SLAGPLAASKOELKAMERS BEHANDEL IS.

Harte. Lewers. Sterte. Koppe.

GEEN.

VOORKOMS VAN TUBERKULOSE.

		1968.	
	Getal aangetas.	Getal versprei.	Getal gelokaliseer
Beeste	23 of 0.25%	22 of 0.25%	1
Varke	116 of 0.238%	43 of 0.088%	73 of 0.150%
		1968	
Beeste	28 of 0.032%	25 of 0.028%	3
Varke	154 of 0.302%	69 of 0.135%	85 of 0.161%

INGEVOERDE VLEIS WAT IN KOELKAS BY MUNISIPALE SLAGPLAAS
BEHANDEL IS.

Geen.

(Besig met herstelwerk aan munisipale vrieskamers.)

INGEVOERDE VLEIS WAT IN ANDER KOELKAMERS AS IN MUNISIPALE
SLAGPLAAS BEHANDEL IS (MASELS).

Beeskarkasse	105	Varkkarkasse	Geen
Harte	105		
Tonge	105		
Lewers	105		
Sterte	105		

TOTALE GETAL MASELAGTIGE KARKASSE EN ORGANE WAT IN ANDER
KOELKAMERS AS IN MUNISIPALE SLAGPLAAS BEHANDEL IS.

Beeskarkasse	3104	Varkkarkasse	257
Harte	2977		
Koppe	2981		
Tonge	2975		
Sterte	2972		
Lewers	2485		
Mantelvliese	2997		

AFGEKEURDE MASELKARKASSE WAT AAN PRETORIASE DIERETUIN
VERKOOP IS.

Beeskarkasse	318
Harte	308

(Karkasse, ens. is bevries deur Karoo Vleisbeurs Bpk.)

AFGEKEURDE MASELKARKASSE WAT AAN ONDERSTEPSPOORT VERKOOP IS.

Beeskarkasse	18
--------------	----

TOTALE GETAL MASELAGTIGE KARKASSE WAT IN KOELKAMERS BY DIE
MUNISIPALE SLAGPLAAS BEHANDEL IS.

Geen.

(Besig met herstelwerk aan munisipale vrieskamers.)

DIERE GESLAG.

	1966	1967	1968
Bulle	2648	3309	3468
Koeie	29872	27458	20853
Osse	69576	62873	62928
TOTAAL	102096	93640	87249
Kalwers	6298	4296	3393
Skape	274827	278023	317834
Bokke	1093	1389	2356
Varke	47013	48554	51000
TOTAAL	431327	425902	461832

TOENAME VAN 30,505 DIERE SEDERT 1966.

(VYF JAAR) TOENAME VAN 102,895 DIERE SEDERT 1963.

EKWINES.

	1967	1968
Donkies	390	509
Perde	1461	1852
Muile	11	9
	1862	2370

PLUIMVEE.

	1967	1968
Hoenders	11438	29053
Eende	300	414
Duiwe	18	50
Kalkoene	1212	1798
Ganse	34	31
Kuikens	282	-
Konyne	38	54
	13322	31400

AFGEKEURDE BEES-, SKAAP-, VARK- EN KALFKARKASSE EN ORGANE.

	Beeste.	Kalwers.	Skape en bokke.	Varke.
Karkasse	1269	153½	310	1445
Koppe	1609	-	-	104
Harte	77	-	-	-
Derms	4420	-	97228	1489
Niere	193	-	46	-
Lewers	7493	-	104079	2345
Longe	3257	-	4883	1
Harslag	1746	-	21438	1502
Kwarte	268	-	978	1
Milte	200	-	-	-
Sterte	2261	-	-	-
Tonge	2265	-	-	-
Pense	1502	-	64	-
Uiers	10493	-	-	-
Afval	1264	-	303	-

TOTALE AFKEURINGS.

	1967	1968.
Beeste	1.36%	1.45%
Skape en bokke	0.16%	0.096%
Kalwers	9.30%	4.47%
Varke	2.43%	2.83%

INSPEKSIES BY KOELKAMERS (MASELAGTIGE KARKASSE).

Inspeksies uitgevoer	491
Oortredings waarmee gehandel is	43
Kennisgewings beteken.	36

TOTALE GETAL BLOEDSMERE WAT ONDERSOEK IS.

Totale getal diere wat in trokke, krale en hokke gevrek het:	Perde	-
(waarvoor afkeursertifikate aangevra en uitgereik is).	Beeste	4
	Kalwers	1
	Varke	11
	Skape	516

Totale getal diere wat van buite gebring is om vernietig te word : Geen.

Getal bloedsmere wat ondersoek is :	Beeste	13
	Kalwers	5
	Skape	409
	Varke	20
	Perde	4
Totaal:		451

AFGEKEURDE EKWINES.

12½

GESLAGTE EKWINES.

Donkies.	Muile	Perde.
509	9	1852

GESLAGTE PLUIMVEE.

Ganse.	Eende.	Kalkoene.	Hoenders.	Duiwe.	Konyne.
31	414	1798	29053	50	54

SIEKTES WAAROP PLUIMVEE AFGEKEUR IS.

Buikvliesontsteking	1
Uitermatige kneusing	2
Kwaadaardige gewasse	14
Vermaering	3
Dood in hokke	25
Totale getal afgekeur:	45

VERKOOPT NIEUWPRODUKTE VIR DIE JAAR WAT OP 31 DESEMBER 1968 GEËINDIG HET.

	Ton.	lb.
Karkasmeel	92	575
Bloedmeel	139	1000
Vet	155	738
Varkhare	-	8801

DEKLEIN AVYSAAR KONYNE' DRIE VLOEKENS 12

SIKTES WAARVOOR KARKASSE, ENS. AFGEKEUR IS

Siekte	Beeste		Kalwers		Skape & Bokke		Varke		Perde
	Karkasse	Aangetaste dele	Karkasse	Aangetaste dele	Karkasse	Aangetaste dele	Karkasse	Aangetaste dele	
Karsinoom	-	-	-	-	-	-	-	-	10
Kaasagtige limfklierontsteking	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Vermaering	15	-	28	-	19	973Q (22243CL)	7	-	-
Emfiseem	3	8Q	-	-	38	-	-	-	-
Uitwendige kneusing	77	39Q (48617 lb.)	4	-	17	3Q	5	31 lb.	2½
Gangreen	14	12Q	1	-	4	-	30	-	-
Onrypheid	-	-	67	-	-	-	-	-	-
Geelsug	-	-	1	-	16	-	-	-	-
Masels	977	-	-	-	-	-	1,283	-	-
Sterwende dier	21	-	-	-	182	-	1	-	-
Veelvoudige abesse	1	-	-	-	-	-	-	-	-
Nawelkwaal	-	-	34	-	-	-	-	-	-
Buikvliesontsteking	2	-	-	-	2	-	8	-	-
Bors- en buikvliesontsteking	3	-	-	-	-	-	-	-	-
Sarkosporiose	10	-	-	-	3	-	3	-	-
Septiese metritis	9	-	-	-	1	-	2	-	-
Septiese nefritis	-	-	2	-	-	-	-	-	-
Septiese pneumonie	6	-	5	-	-	-	3	-	-
Septiese pericarditis	-	-	-	-	1	-	-	-	-
Tuberkulose	25	3 gel.	-	-	-	-	69	85 gel.	-
Besnoitiose	9	209Q	2	4Q	22	2Q	-	-	-
Etterbesmetting	80	-	3	-	-	-	-	-	-
Enteritis	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Defektiewe bloeding	3	-	-	-	-	-	-	-	-
Longvliesontsteking	-	2Q	-	-	-	-	-	-	-
Piëmie	3	-	2	-	1	-	28	-	-
Balanitis	-	-	-	-	-	-	1	-	-
Septiese buikvliesontsteking	5	-	-	-	-	-	-	-	-
Besmetlike gewrigsontsteking	-	-	2	-	-	-	-	-	-
Melanose	-	-	-	-	-	-	1	-	-
Koors	-	-	-	-	-	-	1	-	-
Vark erisipelas	-	-	-	-	-	-	2	-	-
Veelvuldige abesse	3	2Q	3½	-	2	-	1	-	-
Edeem	2	-	-	-	1	-	-	-	-
Nekrose	-	-	-	-	1	-	-	-	-

WERKSAAMHEDE VAN DIE GESONDHEIDSINSPEKTORAAT.

Op 31 Desember 1968 was die personeelsterkte van die Gesondheidsinspektoraat soos volg :

	Gemagtig.	Werklik.
Hoofgesondheidsinspekteur	1	1
Assistent-hoofgesondheidsinspekteurs (Volgens Raadsbesluit sal 1(een) van die poste wegval wanneer dit deur die huidige bekleër ontruim word. Die pos sal dan vervang word deur 'n bykomende Streekgesondheidsinspekteurspos.)	2	2
Streekgesondheidsinspekteurs (Hierdie getal sal met 1(een) vermeerder word met die skepping van 'n bykomende pos as die bogenoemde 1(een) pos van Assistent-hoofgesondheidsinspekteur verval).	6	6
Toesighoudende Gesondheidsinspekteurs	7	7
Gesondheidsinspekteurs (Volgens Raadsbesluit is die sterkte met ingang van 1 September 1967 van 30 na 23 verminder.)	23	18
Leerlinggesondheidsinspekteurs (Die pos is gedurende die jaar afgeskaf en vervang deur 'n pos genaamd "Monster=nemer" in die Melkbeheerseksie).	Geen	Geen.
Bantoe-gesondheidsinspekteurs	6	3
Indiër-gesondheidsinspekteur (Gedurende die jaar geskep)	1	Geen
Kleurling-gesondheidsinspekteur (Gedurende die jaar geskep)	1	geen
	47	37
Behalwe die bogenoemde was daar:		
Senior Knaagdier-en Muskietuitroeier	1	1
Knaagdier-en Muskietuitroeiers	5	5
Bantoe-arbeiders	32	32
	85	75
By die Slagplaas :		
Streekvleisinspekteur	1	1
Toesighoudende Vleisinspekteur	1	1
Vleisinspekteur	2	2
Vleisondersoeker	5	3
	9	7

Aan die begin van die jaar is daar begin met die skema vir die opleiding van Vleisondersoekers, en al drie die leerlinge het in die eksamen aan die einde van die jaar geslaag. Hulle is nou voltydse werknemers en daar word gehoop dat nog twee leerlinge vroeg in 1969 sal inskryf. Hierdie aanstellings sal die nodigheid van die daaglikse afstaan van Gesondheidsinspekteurs van die Gesondheids=afdeling aansienlik verlig, 'n reëling wat baie jare lank 'n steurende verskynsel was en dikwels die werk van individue en die betrokke seksies in die Gesondheidsafdeling onderbreek en ontwig het. Soos dit baie jare lank die geval was, was daar 'n nypende tekort aan Gesondheidsinspekteurs dwarsdeur die onderhawige tydperk. Teen die einde van die jaar was daar 'n totale tekort van vyf (5) inspekteurs uit 'n reeds verminderde personeelsterkte van nege-en-dertig(39). Die probleme waarmee ons te kampe gehad het in ons pogings om die algemene sanitêre toestande dwarsdeur die stad net te handhaaf, om nie eens te praat van verbeter nie, kan goed begryp word as daar besef word dat 'n realistieser personeelsterkte vir 'n stad so groot soos Pretoria sowat 60 behoort te wees.

Een betreurenswaardige gevolg van die tekort aan Gesondheids=inspekteurspersoneel is die aansienlike vermindering in die gereelde roetine-inspeksies van alle soorte persele. Hierdie beheer moes in 'n sekere mate beperk word tot die belangrikste soort persele. In ooreenstemming met die Afdeling se beleid het alle klagtes onmiddellik aandag ontvang, ongeag of die klagte as ernstig beskou is toe dit ontvang is. Daar is geen manier om die tydverspilling op klagtes uit te skakel wat na ondersoek ongegrond, beuselagtig of deur persoonlike vyandskap gemotiveer blyk te wees nie. 'n Groot persentasie klagtes blyk geen betrekking op openbare gesondheid te hê nie. Desnieteenstaande word elke klagte ondersoek en behalwe om die nodige stappe kragtens wetgewing te doen wat op gesondheid betrekking het, word enige saak wat enige ander Afdeling van die Raad se diens raak, na die betrokke Afdeling verwys. Die fenomenale groeitempo van die stad toon geen afname nie en samehangend hiermee was daar 'n aanhoudende toename in sekere funksies wat deur die Gesondheidsinspektoraat uitgevoer word; die afstande wat na buitegebiede afgelê moet word, het groter geword.

Die higiëniese toestande van die stad is redelik bevredigend gehandhaaf en op die volgende bladsye word die werk wat gedoen is, taamlik uitvoerig beskryf.

Afsonderlike hoofstukke oor aansteeklike siektes en melkbeheer sal elders in hierdie verslag aangetref word.

OPSOMMING VAN INSPEKSIES DEUR DIE GESONDHEIDSINSPEKTORAAT.

Hier volg 'n opsomming van die inspeksies deur die Distriksgesondheidsinspekteurs, Slum- en Behuisings-, Aansteeklike Siektes-, Voedsel-, Plaasbeheer-en Nieblankegebiedeseksie gedurende die kalenderjaar 1968 (syfers vir die vorige jaar tussen hakies) :

Totale getal inspeksies gedoen (melkerye uitgesluit)	96047 (94630)
Oorlaste waarmee gehandel is	37532 (32454)
Oorlaste weggeruim	37418 (30391)
Klagtes waarmee gehandel is	4944 (5536)
Lisensieaansoeke waarmee gehandel is	6310 (6321)
Monsters van water geneem(bakteriologies en skeikundig)	247 (373)
Monsters van eetware geneem(melk uitgesluit)	422 (509)
Navraagbesoeke insake aansteeklike siektes	3397 (3490)

AANGELEENTHEDE NA ANDER AFDELINGS VERWYS.

Klerk van die Raad	2
Direkteur van Vervoer	4
Stadselektrisiteitsingenieur	15
Direkteur van Parke en Ontspanning	84
Direkteur van Stadsbeplanning en Argitektuur	104
Lisensiehoof	29
Direkteur van Nieblankesake	97
Stadsingenieur	179

VERVOLGINGS.

Hier volg 'n ontleding van die vervolgings wat die Afdeling gedurende 1968 ingestel het, en die resultate daarvan :

Aard van oortreding.	Totale getal ver= volgings.	Getal on= skuldig bevind.	Getal skuldig bevind.	Terug= getrek.	Boetes.
Tekoopaanbieding van bederf= de voedsel	3	-	3	-	R165.00
Versuim om aan kennisgewing te voldoen	8	-	8	-	R 65.00
Vuil toestande in restaurant	2	-	2	-	R 60.00
Versuim om voedsel teen besmetting te beskerm	1	-	1	-	R100.00
Vuil toestande in slaghuis	1	-	1	-	R 10.00
Preserveermiddel in maalvleis	1	-	1	-	R 20.00
TOTAAL	16	-	16	-	R420.00

GELISENSIEERDE PERSELE:

Hier volg 'n lys van persele en die getal van elke tipe wat gedurende die jaar gelisensieer is. Die persele is met gereelde tussenpose gefinspekteer en waar dit nodig was, is daar paslik opgetree om onbevredigende toestande reg te stel.

	Blank.	Nieblank.
Bakkers en banketbakkers(insluitende depots)	41	3
Biljartsalonne	6	2
Bioskoopteekamers	3	-
Losieshuise	170	-
Steenbakkers	6	-
Slagters	214	46
Skoenmakers	60	14
Fietshandelaars	100	60
Melkerye	77	15

	Blank.	Nieblank.
Hondehokke	3	-
Droogskoonmaak-ontvangsdepots	112	24
Velhandelaars	1	-
Visbakkers (groot-en kleinhandel)	9	-
Vishandelaars	72	4
Varsproduktehandelaars	771	184
Fumigeerders en ontsmetters	3	-
Haarkappers	240	26
Marskramers en venters	120	286
Hotelle	34	-
Roomysvervaardigers	3	-
Roomysverkopers	406	26
Wasserye en droogskoonmakers	72	6
Markstalletjies	-	47
Melkprodusente	423	3
Melkwinkels	395	54
Meulenaars	7	-
Koeldrankhandelaars	215	48
Koeldrankvervaardigers	5	1
Bantoe-eethuise	6	36
Pluimveehandelaars	82	3
Lewensmiddelehandelaars	710	286
Lewensmiddelefabrieke	20	6
Openbare sale en vermaaklikheidsplekke	26	-
Klipgroewe	3	-
Restaurante en teekamers	465	84
Handelaars in tweedehandse goedere	128	3
Velbewerkers	1	-
Leerlooierye	2	-
Teaters (inrybioskope inbegrepe)	20	6
Turkse baddens	1	-
Begrafnisondernemers	5	5
Houtsaers	5	-
Werkwinkels	408	6

BOUPLANNE.

Hier volg 'n opsomming van die planne wat gedurende die jaar ondersoek is (syfers vir die vorige jaar is tussen hakies).

Eerste keer voorgelê.	Verdere voorlegging.	Voorlopige planne.	Deur argitekte.	Nieblanke gebiede.	Totaal.
3983(4058)	523(415)	32(11)	130(18)	397(584)	5065(5086)

VROEÛOGGEND- EN AANDINSPEKSIES.

Afgesien van die gewone daaglikse inspeksies by die verskillende soorte persele, het die Gesondheidsinspekteurs minstens een keer per maand vroeëoggendinspeksies waargeneem, en daarbenewens saans of snags inspeksies uitgevoer as dit nodig was, veral by plekke waar voedsel voorberei of bedien is.

Dit is deel van die gewone pligte van Inspekteurs en veral die Voedselinspekteurs om inspeksies by hotelle, losieshuise, restaurante en ander plekke waar voedsel bedien word, gedurende middagetensure, vroeg soggens en saans uit te voer.

Die onderstaande tabel dui die soorte persele aan wat geïnspekteer is en die getal buitenstydse inspeksies wat gedurende die jaar uitgevoer is:

Soorte persele.	Bevredigend.	Nie bevredigend nie.	Totaal.
Restaurante	212	132	344
Voedselaflewering	96	27	123
Slagterswinkels	415	141	556
Melkerye	24	3	27
Varsproduktehandelaars	15	21	36
Banketbakkers	6	4	10
Hotelle	26	5	31
Voedselafwerke	5	2	7
Bantoe-eethuise	12	10	22
Vishandelaars	1	4	5
Lewensmiddelehandelaars	4	1	5
Algemeen	11	7	18
TOTAAL	827	357	1184
VOEDSELSEKSIE : (verskillende persele).			
Naginspeksies	68	4	72
Middagetensuurinspeksies	108	30	138
Vroeëoggend -inspeksies	15	3	18
GROOTTOTAAL :	1018	394	1412

Die volgende tabel is 'n opsomming van die inspeksies wat uitgevoer is en die stappe wat deur die Distriksgesondheidsinspekteurs gedoen is:

Oorlaste waarmee gehandel is	16359
Kennisgewings bestel	2363
Aansegginge gegee	13996
Kennisgewings nagekom	2363
Oorlaste weggeruim	16359
Oorlaste weer geïnspekteer	7683
Klagtes waarmee gehandel is	4202
Sianiedfumigeerders	17
Gebouvoltooiingstrookies	21
Lisensieaansoeke	5299
Stalle	185
Slagterswinkels	5651
Vishandelaars	765
Bakkerie	464
Restaurante en teekamers	6943
Losieshuise	767
Kruideniers-en lewensmiddelewinkels	3391
Vrugte-en groentewinkels	3953
Fabrieke	749
Haarkappersalonne	1189
Melkerydepots en melkwinkels	591
Diverse inspeksies	3968
Aangeleenthede wat na ander Afdelings verwys is	770
Huis-tot-huis-inspeksies	3484
Naginspeksies	184
Vroeëoggend-inspeksies	-
TOTALE INSPEKSIES	50276

PLAAGBEHEER DEUR DISTRIKSGESONDHEIDSINSPEKTEURS.

Hieronder volg 'n opsomming van die werk wat in verband met knaagdier-, vlieë- en muskietbeheer deur die Distriksgesondheidsinspekteurs verrig is :

KNAAGDIERE.

1. Klagtes ondersoek	423
2. Persele geïnspekteer en wenke gegee	2495
3. Kennisgewings en aanseggings om valle of gif te gebruik	1467
4. Kennisgewings wat vereis dat persele knaagdier= vry gemaak word	189
5. Kennisgewings bestel ooreenkomstig 3 en 4 hierbo	416
6. Bestaande geboue wat knaagdiervry gemaak is	172
7. Nuwe knaagdiervry geboue voltooi	172
8. Vervolgings weens versuim om aan regulasies te voldoen	Geen.
9. Ophoping van vuilgoed of hout, waar moontlik knaagdiere kan skuil, skoongemaak of verwyder	1186
10. Getal knaagdiere gedood gesien of as gedood gerapporteer	2364
11. Rotdigte diervoedselblikke verskaf	94
12. Sake na Plaagbeheer verwys	11
13. Sake in verband met knaagdierbeheer na ander Afdelings verwys	4

MUSKIETE.

1. Klagtes ondersoek	91
2. Inspeksies uitgevoer	472
3. Kennisgewings bestel en aanseggings gegee	160
4. Kennisgewings ooreenkomstig (3) hierbo bestel en aan voldoen	13
5. Vervolgings weens versuim om aan regulasies te voldoen	Geen.
6. Broeiplekke uitgeskakel	145
7. Wenke betreffende muskietbeheer gegee	234
8. Soorte muskiete gevind	Culex.

VLIEË.

1. Klagtes ondersoek	150
2. Inspeksies uitgevoer	725
3. Kennisgewings bestel en aanseggings gegee	316
4. Kennisgewings onder 3 hierbo bestel, en aan voldoen	93
5. Vervolgings weens versuim om aan regulasies te voldoen	Geen.
6. Broeiplekke uitgeskakel	119
7. Wenke betreffende vlieëbeheer gegee	470

VOEDSELSEKSIE.

Hierdie Seksie was daarvoor verantwoordelik om te sorg vir die higiëniese produksie, hantering en verspreiding van voedsel deur die hele stad, die Nieblankegebiede ingesluit, en het dikwels alle soorte persele wat met die voedselhandel te make het, geïnspekteer.

Gereelde monsters van openbare watervoorrade is by hulle bronne en ook by verskillende plekke oor die hele netwerk geneem. Die water in die tien swembaddens en plasdammatties is gereeld getoets om die doeltreffende werking van die suiweringsstelsel te verseker.

Die tabelle verderaan gee 'n uiteensetting van die soorte voedselmonsters wat gedurende die jaar vir bakteriologiese of skeikundige ontleding geneem is. Waar 'n monster benede standaard was, het 'n waarskuwing of vervolging gevolg.

Hierdie Seksie het feitlik die hele jaar lank te min personeel gehad, maar alles is in die werk gestel om die nodige toesig oor sindelikhede in voedselbesighede te handhaaf.

Groot hoeveelhede voedsel, waarvan besonderhede hieronder vestrek word, is aan die Afdeling oorhandig of beslag is daarop gelê omdat dit nie vir menslike verbruik geskik was nie. Dit is afgekeur en vernietig.

'n Gesondheidsinspekteur het daagliks die vroeëoggendmark bygewoon, waar daar op van die vrugte en groente beslag gelê is. Dit is as ongeskik vir menslike verbruik afgekeur en vernietig.

Gereelde inspeksies van restaurante, hotelle, losieshuise en ander voedselvoorsieninginsrigtings is gedurende etensure, terwyl voedsel voorberei en bedien word, die hele jaar deur uitgevoer.

Aandag is veral gegee aan die toerusting wat gebruik is, die hantering en voorbereiding van voedsel, die opwas van gereedskap, messeware en breekware, en die persoonlike netheid van die betrokke personeel.

Altesaam 62 uur is aan spesiale nag-, vroeëoggend- en middagsetensuurinspeksies bestee. Hierna volg 'n tabel met besonderhede van die werk :

Oortredings waarmee gehandel is	37
Kennisgewings bestel	-
Aanseggings gegee	37
Oortredings weggeruim	37
Inspeksies uitgevoer:	
Herinspeksies	2
Restaurante en teekamers	134
Gelisensieerde hotelle	16
Privaathotelle en losieshuise	39
Banketbakkers	28
Bakkerye	9
Totaal:	228

Die volgende tabel is 'n ontleding van die tye van die dag waarin inspeksies uitgevoer is en die stand van sake wat aangetref is :

	Getal.	Bevredigend.	Nie bevredigend nie.
Naginspeksies	72	68	4
Middagetensuurinspeksies	138	108	30
Vroeëoggend-inspeksies	18	15	3

A ltesaam 414 besendings eetware (behalwedié waarop by die oggend-mark beslag gelê is) is oorhandig of beslag is daarop gelê, en die ondergemelde eetware is as ongeskik vir menslike verbruik afgekeur en vernietig.

Bottels en blikke eetware	36042
Pluimvee	4157 lb.
Vleis- vars en voorberei (behalwe in blikke)	5082 lb.
Vis (vars)	3304 lb.
Kaas	11495 lb.
Groente (bevrore, ens.)	1529 lb.
Graankosse	936 lb.
Koek en fyngebak	327 lb.
Poeiermelk	748 lb.
Vet	972 lb.
Heuning	6 lb.
Suiker	472 lb.
Botter	338 lb.
Tee	4 lb.
Koffie	6 lb.
Koeldranke	27 bottels.
Vars melk	36 pinte.
Room	83 gelling.
Eiers	146 dosyn.
Jellie	155 pakkies

Van die bogemelde is daar op drie besendings eetware, wat 17 blikke bevat het, beslag gelê en dit is as ongeskik vir menslike verbruik bevind. In elke geval is 'n skriftelike waarskuwing aan die lisensiehouer uitgereik.

VOEDSEL- EN WATERMONSTERS.

Die volgende voedselmonsters is vir skeikundige en bakteriologiese ontleding geneem:

Skeikundige ontleding:

Aard van artikel.	Getal monsters .	Getal bevredigend.	Getal onbevredigend.
Roomys	120	68	52
Boerewors	80	68	12
Maalvleis	70	60	10
Kaas	7	7	-
Polonie	7	6	1
Weense worsies	18	17	1

Bakteriologiese ontleding :

Aard van artikel.	Getal monsters.	Getal bevredigend.	Getal onbevredigend.
Roomys	120	102	18

Negentig waarskuwings is gegee en vier vervolgings is ingestel in verband met monsters wat nie aan die vereistes van die Wet op Voedsel, Verdoewingsmiddels en Ontsmettingsmiddels en ander regulasies wat op voedsel van toepassing is, voldoen het nie. Sestig rand is aan boetes betaal.

MUNISIPALE WATERBRONNE.

	Bevredigend.	Onbevredigend	Totaal.
Rietvleiwaterwerke (na filtrering maar voor chlorering)	4	-	4
Witkoppiesbrug	-	4	4

Hierdie spruit wat in die Rietvleidam vloei, word noukeurig dopgehou om teen grootskaalse besoedeling van die dam te waak.

	Bevredigend.	Onbevredigend.	Totaal.
Fonteine :			
(a) Boonste fonteine (voor chlorering)	5	-	5
(b) Onderste fonteine (voor chlorering)	5	-	5
(c) Gemengde water (na chlorering- sluit water van Fonteine en Rietvlei in)	5	-	5

Krane in stad:

In verskillende dele van die stad	19	-	19
-----------------------------------	----	---	----

Ander munisipale waterbronne en-
leweringspunte :

(a) Mamelodi-opbergtenks	8	-	8
(b) Munisipale baddens	47	1	48
(c) Munisipale plasdammetjies	22	2	24
(d) Rooiwal	2	-	2
(e) Munisipale klipgroef (Bon Accord)	4	2	6
(f) Valhallaboorgate	12	-	12
(g) Erasmia-fonteine en in die dorp	4	-	-

Randwaterraad:

Uit hooftoevoerpyplyn	6	-	6
Op private persele Boorgate	13	-	13

Bevredigend Onbevredigend Totaal.

Riooluitvloeiŝel wat vir verkoe-
lingsdoeleindes na die kragŝentrale=
dam gepomp is :

(a) Na filtrering en chlorering by rioolwerke	-	5	5
(b) Na filtrering en chlorering by kragŝentrale	-	5	5

Hierdie riooluitvloeiŝel word gefiltreer, gechlloreer en na die krag=
ŝentraledam vir verkoelingsdoeleindes gepomp. Dit word nie vir kook- of
huishoudelike doeleindes gebruik nie.

Skeikundig :

(a) Munisipale swembaddens	48	-	48
(b) Munisipale plasdammetjies	24	-	24

Wat die onbevredigende monsters uit swembaddens en plasdammetjies
betref, was die daaropvolgende monsters bevredigend. By die geval van
Bon Accord word die water by die klipgroef net vir die doel van gietery
by die smidwinkels gebruik.

Munisipale mark:

Daaglikse inspeksies van al die produkte op die vroeëoggendmark is
uitgevoer en die volgende hoeveelhede voedsel is gedurende die jaar
afgekeur en vernietig :

Vrugte en groente :

Kaste	24038	Kratte	5186
Graansakke	3290	Kartondose	272
Sakkies	27060	Bondels	294
Handmandjies	4356	Waatlemoene	1690

Pluimvee (lewend) :

Getal ondersoek	29582	Getal ondersoek	937
Getal afgekeur	32	Getal afgekeur	-

Wildsbokke :

Getal ondersoek	334	Getal ondersoek	60
Getal afgekeur	2	Getal afgekeur	10

Hase (lewend):

Getal ondersoek	21
Getal afgekeur	-

Hier volg 'n weergawe van die werk wat gedurende die jaar deur die
Voedselseksie gedoen is :

Oortredings waarmee gehandel is	1735
Oortredings weggeruim	1724
Kennisgewings bestel	160
Aansegings gegee	1575
Herinspeksies	44
Klagtes waarmee gehandel is en advies gegee	139
Lisensie-aansoeke waarmee gehandel is	327
Inspeksie van slaghuise	19
Inspeksie van vishandelaarwinkels	69
Inspeksie van bakkerye	225

Inspeksies van banketbakkerye	710
Inspeksies van restaurante en teekamers	1348
Inspeksies van Bantoe-eethuise	7
Inspeksies van vrugte-en groente=winkels	37
Inspeksies van melkwinkels en melkdepots	23
Inspeksies van ander voedselwinkels	1096
Inspeksies van koeldrankfabrieke	160
Inspeksies van ander voedsel-fabrieke	468
Inspeksies van oggendmark	301
Diverse inspeksies	624
Naginspeksies	72
Vroeëoggendinspeksies	18
Hotelle en losieshuise	847
Monsters geneem	436
Totaal getal inspeksies vir die jaar	6970

PLAAGBEHEERSEKSIE.

Muskietbestryding :

Roetine-muskietbestrydingsmaatreëls wat gedurende die jaar uitgevoer is, behels die verwydering van alle plantegroei van die walle van spruite, watervore, besproeiingsdamme en waterleivore, die dreinerings van moerasse, die verlê en afskuinsing van watervore, die opvul van gate en dongas waarin water kan opgaan en broeiplekke vir muskiete bied, asook die bespuiting met insektemiddels van alle broeiplekke wat aangetref is.

Die gebied waarin bestrydingsmaatreëls toegepas word, strek oor etlike myle, en 32 Bantoe-arbeiders, onder toesig, is gemoeid met die uitvoering van die bogenoemde taak. Vir sover dit prakties moontlik is, word die werksaamhede volgens 'n program uitgevoer en alle moontlike broeiplekke vir muskiete word minstens een maal elke agt dae bespuit. Om hierdie spuitwerk te verrig, word agt Bantoes daarvoor afgesonder.

Met die spuitprogram is daarop 2 Januarie 1968 'n aanvang geneem en daarmee volgehou tot einde Mei; dit is hervat in Augustus en deurgevoer tot 31 Desember 1968.

Gedurende die 2 maande se onderbreking in die bespuitingsprogram word die Bantoes weer by die spanne wat watervore, damme, ens., skoonmaak ingeskakel.

Pretoria het oor die algemeen baie min las van muskiete ondervind. *Anopheles maculipennis* is in die oostelike gedeelte van Pretoria aangetref, maar geen tekens van *A. gambia* of *A. funestus* is gevind nie. Volwasse *Aedes aegypti* muskiete is in die Rietondale-, Silvertone- en die Danville-gebied aangetref.

Gedurende Desember, toe die bouers hulle werksaamhede vir die jaarlikse vakansie gestaak het, het daar 'n skielike toename in klagtes oor muskiete in die omgewing van die middestad voorgekom. By ondersoek is daar gevind dat muskiete in hyserskagte, leë konkas en uitgrawings by meeste van die groot geboue wat in aanbou was, voorgekom het. Omdat die bouers almal met vakansie weg was en geen verantwoordelike persone opgespoor kon word nie, het die Plaagbeheerseksie muskietbestrydingsmaatreëls op dié persele toegepas. Nadat die bouery weer 'n aanvang geneem het, is hierdie saak onder die aandag van die betrokke bouers gebring. Mondelinge waarskuwings is aan hulle gerig om toe te sien dat so 'n toedrag van sake nie herhaal word nie. Hulle het almal hul volle samewerking belowe.

Soos in die verlede is die oorsprong van muskietbroeiery weer eens grootliks op privaateiendomme aangetref in ongebruikte swembaddens, visdammetjies, reënwaterenks, ou motorbande en leë blikke en bottels in agterplase. Waar sulke toestande aangetref is, is mondelinge of skriftelike waarskuwings gegee en die misstande is uit die weg geruim.

Tweehonderd-en-vyftig gelling M25 -emulsiekonsentraat en 450 gelling anti-malariaolie is gedurende die jaar gebruik.

Seshonderd-en-vyftig gate en dongas is gedurende die jaar opgevul om te verhoed dat water daarin kan opgaan en sodoende broeiplekke vir muskiete skep.

Eenhonderd vyf-en-twintig klagtes is gedurende die jaar ondersoek en die nodige maatreëls getref.

Twaalf kleinhoewes binne die munisipale gebied wat deur groenteboere bewerk word, sowel as die vuurhoutjiefabriek in Pretoria-Wes, die watervore van die Les Marais-besproeiingsraad en die spruit wat deur die Universiteitsproefplaas vloei, is volgens ooreenkoms weekliks besoek en bestrydingsmaatreëls is toegepas. Die boere op die kleinhoewes, die bestuur van die vuurhoutjiefabriek, die Les Marais-besproeiingsraad en die Universiteitsproefplaas het hulle volle samewerking verleen en die vereiste gelde vir hierdie dienste aan die Raad betaal.

Knaagdierbestryding :

Bestrydingsmaatreëls is op alle munisipale eiendomme toegepas, soos byvoorbeeld alle munisipale kantore in Munitoria, die ou en nuwe stadhuis, die Afdeling Nieblankesake, die Afdeling Lisensies, die Elektriesiteitsafdeling, by die kragentrales te Rooiwal en in die stad, by die sentrale rioolwerke en dié te Rooiwal, Baviaanspoort, by Bon Accord, die Rietvleiwatwerke, Fonteinedal, Slagplaas en alle munisipale geboue in die Nieblankegebiede Saulsville, Atteridgeville, Mamelodi en Laudium, asook alle parke, ontspanningsterreine en diverse munisipale eiendomme.

Altesaam 2735 inspeksies is gedurende die jaar uitgevoer en 12714 eenhede lokaas is geplaas, waarvan 6730 deur knaagdiere gevreet is. Alhoewel die getal knaagdiere wat gedood is, die getal wat gevind is, ver sal oorskry omdat 'n groot aantal karkasse om 'n menigte redes nie gevind kan word nie, is daar nogtans 1240 dooie diere gevind.

Nege-en-sewentig klagtes oor knaagdiere op munisipale eiendomme is ontvang. Die klagtes is onmiddellik ondersoek en die nodige bestrydingsmaatreëls is toegepas. Die Distriksgesondheidsinspekteurs het in samewerking met die Plaagbeheerseksie 423 klagtes oor knaagdiere op privaat persele ondersoek.

Altesaam 2495 inspeksies is uitgevoer en die bewoners van persele is van die nodige raad gedien en die nodige hulp is aan hulle verleen.

Waarskuwings is mondelings of skriftelik aan 1467 persone gerig om bestrydingsmaatreëls toe te pas. In geen geval was dit egter nodig om geregtelike stappe teen persone te doen weens versuim om aan die vereistes te voldoen nie.

Eenhonderd nege-en-tagtig kennisgewings is aan persone gerig om nuwe of reeds bestaande geboue rotdig te maak. Sowat 2364 knaagdiere is op privaatpersele gedood.

Gedurende die jaar het 88 persone aansoek gedoen om knaagdier=vrysertifikate sodat hulle geboue kan sloop. Na ondersoek is die nodige sertifikate uitgereik.

BESTRYDING VAN VLIEË, KAKKERLAKKE, WEELUISE, VISMOTTE, MIERE, TAPYTKEWERS, KRIEKE, VLOOIE, SPINNEKOPPE, VLER=MUISE ENS. :

Vir sover dit moontlik was, is munisipale eiendomme gereeld een keer per maand besoek en waar tekens van die bogenoemde insekte gevind is, is onmiddellik bestrydingsmaatreëls getref. Altesaam 53 munisipale geboue is gedurende die jaar behandel.

Waar klagtes van persone op privaat persele ontvang is, is die persone van die nodige raad gedien en die nodige bestrydingsmaatreëls is voorgeskryf.

In sommige gevalle waar oues van dae, blinde of gebreklige mense nie in staat was om doeltreffende maatreëls toe te pas nie, is aktiewe hulp verleen en die misstande uit die weg geruim.

BILHARZIA :

Alle spruite, riviere en damme binne die Pretoriase gebied is ondersoek vir die teenwoordigheid van bilharziadraende slakke. Die Apiesrivier, Fonteinedal, Rietvleidam, Austin-Roberts-voëlreservaat en Magnoliadal is vry van bilharziadraende slakke gevind.

Altesaam 98 slakke is uit Moreletta-spruit te Silverton, Meyerspark, Lynnwood en die Hartebeesspruit te Queenswood en East Lynne versamel. Die slakke is vir ondersoek na die Mediese Navorsingsinstituut te Johannesburg gestuur. Veertig van die slakke is as bilharziadraende slakke geïdentifiseer, maar geen bilharziaparasiete is aangetref nie.

'n Statistiese uiteensetting van die werksaamhede verskyn in die tabelle hieronder :

Knaagdierbeheer:	Totaal vir jaar.
Oortredings waarmee gehandel is	79
Misstande weggeruim	79
Aanseggings gegee	79
Perseel geherinspekteer	-
Klagtes waarmee gehandel is en raad gegee	79
Nuwe knaagdiervry vloere in graan-, meel-, voer- of ander pakkamers aangebring	-
Vloere herstel of mure of dakke knaagdiervry gemaak in mee-, graan- of voerpakkamers	-
Nie-knaagdiervry graan-, voer of ander pakkamers gesloop	-
Ophoping van vuilgoed of hout wat rotte mag huisves, skoongemaak en verwyder	124
Diverse inspeksies	755
Inspeksie van munisipale persele	2735
Knaagdieropruimingsinspeksies	88
Totale inspeksies vir die jaar	4018
Gifaas op dorpsveld gestel	12714
Getal aaslokvalle geneem	6730
Rotgate op dorpsveld, ens., met gas behandel	-
Persele in stad met gas behandel	-
Getal knaagdiere op munisipale persele vernietig	1240
Getal diere onder verdagte omstandighede aangetref en ingestuur vir bakteriologiese ondersoek	-
Getal vervolgings	-
Muskietbeheer:	
Oortredings waarmee gehandel is	34
Oortredings weggeruim	34
Kennisgewings bestel	-
Aanseggings gegee	34
Persele geherinspekteer	-
Klagtes waarmee gehandel is en advies gegee	34
Nagaan van damme waar onkruid verwyder is	1001
Nagaan van damme wat bespuit is	607
Nagaan van besproeiingsvore wat skoongemaak is	1172
Nagaan van besproeiingsvore wat bespuit is	748
Nagaan van dreinerings van moerasgebiede	35
Nagaan van bespuiting van moerasgebiede	25
Gate en holtes opgevolg	658
Huise wat vir muskietbeheer bespuit is	-
Spesiale ondersoek om muskiete te identifiseer	-
Inspeksies in verband met malaria-aanmelding	-
Diverse inspeksies	330
Bespuiting teen insekte	53
Vroeëoggend-inspeksies	-
Totale inspeksies vir die jaar	4765

SLUMOPRUIMING.

In enige groeiende stad waarin die bevolking vinnig aanwas en 'n groot aantal mense van die verskillende rasse-groepe woon, kan daar verwag word dat behuisingtoestande nie altyd sal tred hou met moderne lewensstandaarde nie.

Alhoewel meer woonplek beskikbaar geword het, is dit moeilik om in die behuisingbehoefte van die laerinkomstegroepe te voorsien, aangesien die huurgeld van nuwe huise en woonstelle wat deur private ondernemings gebou word, te hoog is. Om hierdie rede rus die verantwoordelikheid om goedkoper huise te bou, al hoe meer op die Raad. Die Raad probeer werklik om sy deel by te dra deur meer huise vir dié inkomstegroep te bou. Slegs deur voort te gaan met hierdie program sal Pretoria in staat wees om sy reputasie van 'n stad sonder 'n Blankeslumgebied-probleem te behou. (Lees ook die afdeling oor behuising vir Blankes.)

Die stigting van 'n aantal nuwe dorpsgebiede binne maar òp die stad se grense het gehelp om die aanvraag na huise te verlig vir hoofsaaklik die hoërinkomstegroep en tot 'n mindere mate vir die middelinkomstegroep.

Sommige van die ou woonhuise in die middestad en in voorstede word gesloop om plek te maak vir winkels, kantore, diensnywerheidsgeboue en woonstelle. Die bewoners van hierdie woonhuise was gesinne in die laerinkomstegroepe. Die huurgeld van dié woonhuise was binne bereik van hierdie gesinne, en die vervoerkoste na hulle werkplekke was gewoonlik laag. Hierdie ontheemde gesinne moet ander woonplek kry, en dikwels gaan bly hulle, by gebrek aan ander geskikte woonplek en in stryd met die Raad se Slumregulasies, in buitegeboue, bediendekamers en minderwaardige wonings, of woon hulle by familie in ander voorstede in dikwels oorvol huise.

Alhoewel hulle nog geskik is vir bewoning, is geaffekteerde woonhuise in baie gevalle op baie waardevolle besigheidspersonele geleë in gebiede wat uitsluitlik vir besigheidsdoeleindes bestem is.

Die verhoogde munisipale waardasies van eiendomme het tot gevolg gehad dat meer aansoeke om toestemming om woonhuise te sloop of in besigheidspersonele te omskep, ontvang is, aangesien eienaars dit vanweë die hoë belasting en vasgestelde huurgeld nie lonend vind om so 'n woonhuis vir woondoeleindes te verhuur nie. Dit is werklik moeilik om redes daarvoor te vind om nie toestemming te verleen dat sulke woonhuise gesloop of in besigheidspersonele omskep word om sodoende nie die ontwikkeling van die stad of, wat dit betref, stedelike vernuwung te vertraag nie. In baie gevalle is ou woonhuise gesloop en het sierlike geboue in hulle plek verrys.

Alhoewel die aantal erge slumeiendomme in 'n mate verminder het, is daar nog 'n aansienlike aantal woonhuise waarin geringe slumtoestande bestaan. Hierdie geringe slumtoestande ontstaan as gevolg van oorbewoning, ontoereikende kook-, opwas- en reinigingsgeriewe en onbehoorlike skeiding van die geslagte. Geringer oortredings van die Slumswet en Regulasies soos oorbewoning en die nie-skeiding van die geslagte in woonstelle blyk meer algemeen te wees as wat tot dusver die geval was. Die posisie word egter noukeurig dopgehou.

Die volgende is sommige van die faktore wat aanleiding gee tot geringe slumtoestande:

- (a) Die hoë huurgeld vir huise en woonstelle dwing gesinne om by familie en vriende in te woon.
- (b) Die tekort aan woonplek binne redelike afstand van werksplekke af en die hoë vervoerkoste veroorsaak dat gesinne woonplek soek in gebiede wat reeds oorvol is.
- (c) Enkellopende persone, jonggetroude en bejaarde pare huur kamers in privaatwonings omdat hulle nie losieshuistariewe kan bekostig nie.
- (d) Eienaars van woonpersele in gebiede wat vir besigheids- of diensnywerheidsdoeleindes bestem is, is dikwels onwillig om herstelwerk en verbeterings aan die eiendomme aan te bring omdat dit gewoonlik hopeloos onekonomies vir hulle is om dit te doen, met die gevolg dat die toestand van eiendomme geleidelik versleg tot geringe en uiteindelik tot erge slums.

Eienaars van persele wat as erge slumpersele beskou word, het baie goeie samewerking verleen, en 'n aantal van hierdie wonings en ander geboue wat vir woondoeleindes gebruik is, is gesloop nadat die nodige permitte daarvoor verkry is. In ooreenstemming met die beleid van die Afdeling die afgelope paar jaar is geen hofspraak ingevolge die bepalinge van die Slumswet, nr. 53 van 1934, soos gewysig, aanhangig gemaak nie. Verslae kan nie sonder meer voor 'n Slumopruimingshof gelê word nie. Daar sal niks daarmee bereik word as bewoners dakloos gelaat word as gevolg van optrede ingevolge die Slumswet as alternatiewe huisvesting vir hulle nie beskikbaar is nie. Dit is dus onvermydelik dat die hof ingelig moet word oor moontlike datums waarop bewoners van sodanige plekke hervestig kan word of in huise wat hulle self voorsien of in behuissingskemas. Die voortdurende tekort aan huisvesting het optrede ingevolge die Slumswet en Regulasies 'n baie moeilike taak gemaak.

Alle eiendomme binne die munisipale gebied wat die Raad te koop aangebied is of onteien is om grond beskikbaar te stel vir voorgestelde pad- of ander skemas wat die Raad beoog om te ontwikkel, is geïnspekteer en verslae oor die strukturele toestand daarvan is deur die Slumseksie voorgelê. Alle onbevredigende of nie-lonende eiendomme wat so bekom word, word gesloop sodra die gebou ontruim is.

Volledige statistiese opgawes rakende wonings, wat as erge slums persele beskou word, en bewoonde buitegeboue, word hieronder verstrek :

VERSPREIDING EN VOORKOMSSYFER VAN BEKENDE ERGE SLUMEIENDOMME EN GEOKKUPERDE BUITEGEBOUW IN BLANKEGEBIEDE
A. ERGE SLUMEIENDOMME

VOORSTAD	Herstel		Omgeskakel		Gesloop		Getal afge- handelde erge slums		Bewoon		Onbewoon		Getal be- kende erge slums	
	1967	1968	1967	1968	1967	1968	1967	1968	1967	1968	1967	1968	1967	1968
Arcadia	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Gezina	2	-	-	-	-	-	2	-	-	-	-	-	-	-
Goedehoop	-	-	-	-	-	-	2	1	6	6	-	2	6	8
Pretoria-sentraal	-	-	-	-	8	2	8	2	20	16	1	3	21	19
Pretoria-Wes	-	1	2	-	6	6	8	7	5	6	3	4	8	10
Tentoonstellingsterrein	-	-	-	2	-	6	-	8	7	3	3	6	10	9
Rietfontein	-	-	-	-	47	-	47	-	-	-	-	-	-	-
Sunnyside	-	-	-	-	1	1	1	1	3	4	1	-	4	4
Villieria	-	-	-	-	13	-	13	-	-	1	1	1	1	2
Wonderboomsuid	-	1	-	-	-	-	-	1	-	-	-	-	-	-
Booyens	-	-	-	-	-	1	-	1	2	2	2	1	4	3
Claremont	-	-	-	-	-	1	-	1	1	1	-	1	1	2
(groegebiede-eiendomme uitgesluit) ...	1	2	-	-	4	3	5	5	2	1	-	1	2	2
Daspoort	1	-	-	-	2	1	3	1	2	2	1	1	3	3
Daspoort-lendgoed	1	-	-	-	1	-	2	-	3	4	-	-	3	4
Hermanstad	-	-	-	-	-	3	-	3	2	3	-	1	2	4
Mountain View	1	-	-	-	1	-	2	-	-	-	-	-	-	-
Pistorius-landgoed	-	-	-	-	2	-	2	-	-	-	-	-	-	-
Despatch	-	-	-	-	1	1	1	1	-	-	-	-	-	-
East Lynne	-	-	-	-	4	1	4	1	5	7	6	6	11	13
Pretoria-Noord	4	8	-	-	7	5	11	13	14	10	6	2	20	12
Walmer	-	-	-	-	-	-	-	6	48	46	3	-	51	46
Riverside	-	3	-	-	-	3	11	3	3	3	2	5	5	8
Silverton	-	-	-	2	5	2	5	5	4	3	5	2	9	5
Wonderboomplote	-	-	-	-	-	-	-	-	1	1	-	-	1	1
Mayville	-	-	-	-	1	-	1	-	-	-	-	-	-	-
TOTAAL	10	15	4	4	114	40	128	59	128	119	35	36	163	155

B. GEOKKUPEERDE BUTTEGEBOUE:

	Bewoon gedurende		Ontruim gedurende		Bewoon.	
	1967	1968	1967	1968	31.12.67	31.12.68
Brooklyn	1	-	1	-	-	-
Capital Park	5	6	2	2	3	4
Danville	3	1	2	-	1	1
Gezina	8	5	5	4	3	1
Goedehoop	2	3	1	1	1	2
Hatfield	1	-	1	-	-	-
Mayville	1	3	-	1	1	2
Parktown	2	1	1	-	1	1
Pretoria-sentraal	3	4	3	1	-	3
Pretoria-Wes	17	22	10	13	7	9
Proclamation Hill	2	1	2	-	-	1
Rietfontein	5	3	3	1	2	2
Roseville	2	2	1	2	1	-
Villieria	4	4	1	1	3	3
Wonderboomsuid	6	3	4	1	2	2
Boysens	6	8	2	5	4	3
Claremont	6	9	2	6	4	3
Daspoort	10	8	6	6	4	2
Daspoort-landgoed	3	3	2	1	1	2
Hermanstad	1	3	1	2	-	1
Mountain View	7	3	5	2	2	1
Pretoria Gardens	4	8	2	3	2	5
East Lynne	5	6	2	4	3	2
Erasmia	1	1	-	1	1	-
Pretoria-Noord	32	21	19	8	13	13
Wolmer	11	8	3	4	8	4
Silverton	1	3	-	2	1	1
Môregloed	1	-	1	-	-	-
Wespark	-	1	-	1	-	-
Andeon (plotte)	-	1	-	-	-	1
TOTAAL	150	141	82	72	68	69

As gevolg van 'n personeeltekort en die drukte van werk kon gedetailleerde opnames van erge slumeiendomme en geokkupeerde buitegeboue in Blankegebiede nie gedoen word nie.

Uit die voorgaande statistiek kan daar egter gemerk word dat erge slumpersele nie tot 'n spesifieke gebied of voorstad beperk is nie en dat geokkupeerde buitegeboue ook dwarsdeur die hele stad gevind is.

Slumopruiming in Nieblankegebiede:

Die opruiming van slumwoningen en ander onbevredigende soort huisvesting in al die Nieblankewoongebiede wat sedertdien as Blankegebiede geproklameer is, is weer eens suksesvol uitgevoer. Daar word streng by die beleid gehou om alle slumeiendomme wat deur die Stadsraad in hierdie gebiede aangekoop word, te sloop nadat die bewoners in die nuwe gebiede hervestig is.

Hofgedinge:

Soos reeds gemeld is, het ons voortgegaan om eerder die samewerking van die publiek te verkry as om hofgedinge in te stel. Geen Slumhofgedinge is ingevolge die Slumswet ingestel nie.

Gedurende die jaar was dit egter nodig om 'n hofgeding ingevolge die Munisipale Slumregulasies teen een persoon in te stel. Daar was drie aanklagte teen hom, waarvan die besonderhede soos volg is :

Toelating dat buitegeboue bewoon word, onvoldoende badkamergeriewe en onvoldoende spoellatrineakkommodasie.

SLOPINGS EN OMSKAKELING VAN WOONPERSELE:

Met heelwat aansoeke om toestemming om wonings te sloop of woonpersele vir besigheidsgebruik om te skakel, is ingevolge die bepalings van die Behuisingswet nr. 4 van 1966, soos gewysig, gehandel.

Die volgende syfers dui die getal aansoeke aan wat vir die genoemde doeleindes ontvang is :

Vir die bou van huise	34
Vir die bou van kantore, woonstelle, winkels, ens	166
Vir opvoedkundige en inrigtingsdoeleindes	17
Om wooneenhede vir besigheidsdoeleindes om te skakel	54
Vir munisipale doeleindes	10
TOTAAL	281

Opmerking :

Ingevolge 'n opdrag wat deur die Departement van Gemeenskapsbou uitgereik is, is alle Regerings- en Provinsiale Departemente vrygestel van die bepalings van die Behuisingswet. Die werklike getal wooneenhede wat deur hierdie Departemente gesloop is, is nie bekend nie.

Gedurende die jaar het hierdie Afdeling na aanleiding van klagtes Regerings- en Provinsiale Departemente ingelig oor die swak strukturele toestande van verskeie wooneenhede wat in hulle besit is. Al hierdie sake het aandag geniet en die geboue is later almal gesloop.

As gevolg van die optrede van hierdie Afdeling het die eienaars van 36 eiendomme besluit om die verbeteringe op die eiendomme te sloop, en heelwat nuwe geboue is daarna opgerig.

Besonderhede van aansoeke om wonings te sloop en wonings om te skakel, word in die volgende tabel verstrek :

AANSOEKE NA DIE DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPSBOU VERWYS.

	Getal wonings (5 of minder woonkamers elk).	Getal woon= kamers be= trokke.	Permitte toegestaan.	Permitte geweer.	Permitte hangende.
Slopings	187	774	133	8	46
Omskakelings	51	167	34	16	1
TOTAAL	238	941	167	24	47

Opmerking: Die bogenoemde syfers sluit nie aansoeke om heroorweging in nie.

AANSOEKE VIR OORWEGING DEUR DIE STADSRAAD:

	Getal wonings meer as 5 woon= kamers.)	Getal woonkamers betrokke	Magtigings verleen.	Magtigings hangende.
Slopings	35	332	35	-
Omskakelings	8	70	7	1
TOTAAL	43	402	42	1

Die syfers wat in die tabelle hierbo aangetoon is, sluit slegs aansoeke om die sloping en omskakeling van wonings in Blankegebiede in.

STATISTIEKE OOR SLUMVOORKOMING EN-OPRUIMINGSWERK :

Besonderhede van slumopruimingswerk wat gedurende die verslagjaar onderneem is, is soos volg :

Soort inspeksie .	Getal persele.
Private wonings	935
Geokkupeerde buitegeboue (en herinspeksies)	803
Sloping van wooneenhede (voor en nadat permitte toegestaan is)	948
Omskakeling van wooneenhede (voor en nadat permitte toegestaan is)	241
Klagtes ondersoek	429
Herinspeksies van persele	2461
Ouetehuse	31
Crèches en kleuterskole	22
Ander persele	160
TOTAAL	6030

Besonderhede van optrede na bogenoemde inspeksies en ondersoeke is soos volg :

Kennisgewings bestel:

Verbod op okkupasie	140
Oorbewoning/skeiding van geslagte	55
Strukturele herstelwerk en opknapping	47
Bad-, was- en kookgeriewe	8
TOTAAL	250
Mondelinge waarskuwings en wenke gegee	2373
Briewe gerig (aanmanings, uitstel, besonderhede van werk vereis, ens.)	240
Aangeleenthede na ander Afdelings verwys	342
Onderhoude met lede van die publiek	3313
TOTAAL	6068
Totale getal oortredings waarmee gehandel is:	2623
Totale getal kennisgewings en mondelinge waarskuwings waaraan voldoen is	2602

KLEUTERSKOLE, CRÉCHES EN OUETEHUISE.

Daar is nog 'n ernstige tekort aan kleuterskole en créches, met die gevolg dat met heelwat navrae gedurende die verslagjaar gehandel is.

Die meeste aansoeke wat voorgelê is, was in verband met private woonhuise wat die aanvraers wou omskep en aanpas vir gebruik as inrigtings van hierdie aard. Die stigting van sulke inrigtings moet aangemoedig word maar terselfdertyd moet sorg gedra word dat private wonings wat nie aan toepaslike standaarde voldoen nie, nie vir dié doeleindes gebruik word nie. Baie aanvraers het, nadat hulle van die standaarde in kennis gestel is, besluit om nie met hulle skemas voort te gaan nie. Daar word verwag dat wetgewing om hierdie inrigtings te kontroleer, in die nabye toekoms afgekondig sal word.

Die ontoereikendheid van huisvesting vir bejaardes bly 'n ernstige probleem wat 'n toegeefliker houding teenoor persele wat nie heeltemal geskik is vir gebruik as ouetehuse nie, noodsaak as wat anders die geval sou wees, byvoorbeeld omgeskakelde woonhuise wat vir dié doel aangepas is. Pogings word egter aangewend om te verseker dat 'n redelike standaard gehandhaaf word en dat persele sover moontlik voldoen aan die vereistes. Persele wat geokkupeer word deur organisasies wat inrigtingsorg aan bejaardes verleen, is in die meeste gevalle vir dié doel gebou en voldoen oor die algemeen aan die vereiste standaarde.

Die beheer oor die bogenoemde inrigtings word op die oomblik deur die inspektoraat van die Slumseksie behartig. Die hedendaagse eise met betrekking tot die opruiming van slumtoestande is van so 'n aard dat voldoende aandag nie aan hierdie baie belangrike aspek van gesondheidswerk gegee kan word nie.

Dit is waarskynlik dat bykomende personeel beskikbaar gestel sal word om meer aandag aan slumprobleme te gee en dat 'n afsonderlike personeeleenheid aangewys sal word om die bogenoemde inrigtings te beheer.

NIEBLANKEGEBIEDE:

Die personeel verbonde aan hierdie Seksie is soos volg :

- 1 Afdelingsgesondheidsinspekteur
- 2 Gesondheidsinspekteurs - (1 vakature)
- 1 Indiërgesondheidsinspekteur - (1 vakature)
- 1 Kleurlinggesondheidsinspekteur - (1 vakature)
- 6 Nieblankegesondheidsinspekteurs - (3 vakatures).

Tot dusver kon die poste van Indiër- en Kleurlinggesondheidsinspekteurs nog nie gevul word nie.

Die Indiër- en Kleurlingdorpsgebiede het geweldig uitgebrei en hierdie persone kon nuttige gesondheidswerk in hulle onderskeie woonbuurtes verrig en hulle eie mense van waardevolle inligting rakende volksgesondheid voorsien.

Twee van die drie poste in Mamelodi is gevul en die Bantoe=gesondheidsinspekteurs verrig uitstekende werk. Hierdie gebied was 'n geruime tyd lank sonder 'n gesondheidsinspekteur en die noodsaaklike werk moes deur die Afdelingsgesondheidsinspekteur verrig word.

Die afgelope jaar was een Bantoe=gesondheidsinspekteur in die Bantoe= dorp Atteridgeville/Saulsville werksaam.

Kantoorgeriewe vir die Bantoe=gesondheidsinspekteurs is in die administrasiegeboue van die Stadsraad se Afdeling Nieblanke sake in die Bantoe= dorpe voorsien.

NIEBLANKEDORPSGEBIEDE.

1. Lady Selborne en Claremont (erwe 1 - 36)
2. Eastwood.
3. Highlands en Newlands.

In hierdie gebiede, wat as Blankegebiede verklaar is, is die eiendomme deur die Stadsraad onteien, die geboue gesloop en die inwoners in ander Nieblankegebiede hervestig.

4. Atteridgeville/Saulsville.

Hierdie Bantoe= dorp word as een van die beste in die Republiek beskou en die lewensstandaard van die inwoners is ook hoër en gesondheidstoestande beter as in ander Bantoe= gebiede.

As gevolg van goeie samewerking tussen die Gesondheidspersoneel en die inwoners is geen geregtelike stappe gedoen nie.

Die Afdeling Nieblanke sake het gedurende die afgelope jaar 'n meganiese graaf aangekoop en dit het daartoe bygedra dat rommel en ander afvalmateriaal wat 'n onooglike voorkoms aan die dorpsgebied verleen het, opgeruim en verwyder is.

Die kinders woon die moderne skole gereeld by en dis opmerklik hoe netjies en skoon hulle klere en hul persoon is. Jeugdige leëglêers word selde gesien.

'n Groot aantal strate is geteer en stormwaterafleivore is in die hele gebied voorsien. Al die wonings en ander sakekomplekse is aangesluit by die Stadsraad se rioleringstelsel.

Oorbewoning vind in 'n mate weens die natuurlike aanwas van die bevolking plaas.

5. Laudium.

Hierdie Indiërgebied, seker die modernste in die Republiek, ontwikkel teen 'n geweldige tempo en vergelyk goed met die beste voorstede in die Blankegebied. Die moderne asook oosterse argitektuur van die woonhuise is treffend.

Die hele gebied is by die rioleringstelsel aangesluit, al die strate is geteer en voorsiening vir die noodsaaklike dienste is daargestel.

Dorps- sowel as perseelverfraaiing is kenmerkend van hierdie gemeenskap en die ontstaan van hierdie dorp het meegebring dat die lewensstandaard sowel as gesondheidstoestande van die Indiër aansienlik verbeter het.

6. Asiërbuurt en Kleurlingbuurt.

Hierdie gebied is deur die Departement van Gemeenskapsbou by die Stadsraad oorgeneem en dit sal geheel en al herbeplan word. Tot op datum is nog nie met die werksaamhede 'n aanvang geneem nie en die gebied verval verder.

Oorbewoning in krotte en bouvallige strukture vind plaas, maar hierdie toestand sal in die nabye toekoms reggestel word wanneer die inwoners in Laudium hervestig word.

Noodsaaklike en gesondheidsdienste word deur die Stadsraad waargeneem.

Die sogenoemde Kleurlinglokasie word opgeruim en die Kleurling-gesinne word in Eersterust hervestig. Die hele gebied sal hopelik gedurende 1970 klaar opgeruim wees.

7. Eersterust.

Dié Kleurlingwoongebied is oos van Pretoria tussen die Blankestads-gebied en die Bantodorp Mamelodi geleë. Dit word 'n vooruitstrewende en selfstandige gemeenskap wat van alle noodsaaklike dienste voorsien is.

Die verbeterde behuising het daartoe bygedra dat die lewens-standaard en sindelikeid verhoog het.

8. Mamelodi.

Omdat die oprigting van bykomende wonings in hierdie gebied gestaak is, vind oorbewoning plaas. Faktore wat tot hierdie toestand bydra, is die volgende:

- (a) Die ontwikkeling en uitbreiding van nywerhede veroorsaak 'n toestroming van Bantoes vanuit die tuislande om arbeidskragte aan te vul;
- (b) die natuurlike aanwas van die bevolking;
- (c) die baie buite-egtelike kinders.

Sanitêre dienste en vullisverwydering word deur die Afdeling Nieblankesake waargeneem. 'n Meganiese graaf is deur dié Afdeling aangekoop en al die opgehoopte afvalmateriaal is versamel en verwyder, met die gevolg dat die algemene skoonheidstoestand van die gebied verbeter het.

Rioolaansluitings vorder nog volgens program, en indien werksaamhede normaal verloop, sal al die persele gedurende Junie 1969 aangesluit wees.

'n Groot aantal inwoners van hierdie gebied het hulself nog nie by die moderne sanitêre geriewe aangepas nie met die gevolg dat heelwat probleme in hierdie verband ondervind word. Hierdie seksie volhard egter in sy pogings om die inwoners van hierdie sowel as dié van ander Nieblankedorpsgebiede gesondheidsbewus te maak.

VERVOLGINGS.

Getal vervolgings	:	2
Oortredings	:	die tekoopaanbieding van bederfde voedsel
Boetes opgelê	:	R 65.00

BOUPLANNE.

Driehonderd sewe-en-negentig bouplanne wat ten opsigte van nuwe geboue, aanbouing en verandering aan bestaande geboue ingedien is, is gedurende die jaar nagegaan en goedgekeur.

STATISTIESE OPGAWES VIR ALLE NIEBLANKEGEBIEDE.

Totaal vir die jaar.

Oorlaste waarmee handel is	16702
Kennisgewings waaraan voldoen is	1540
Aansegings waaraan voldoen is	15080
Kennisgewings bestel	1622
Aansegings gegee	15080
Herinspeksies	6034
Klagtes ondersoek	61
Lisensieaansoeke	684
Persele waar diere/pluimvee aangehou word	388
Slaghuisse	1463
Vis- en pluimveehandelaars	262
Bakkerie en banketbakkerie	52
Algemene handelaars (voedsel)	2007
Algemene handelaars (nie voedsel nie)	683
Restaurante, teekamers en eethuise	2307
Varsproduktehandelaars	1059
Melkdepots en melkwinkels	202
Marskramerpakkamers	343
Varsprodukte- en roomyskarretjies	506
Afleweringervoertuie (vleis, melk, vis en brood)	836
Bioskope en openbare sale	97
Huisinspeksies	2451
Haarkappers	333
Washuise en wasserye	25
Fabrieke en werkwinkels	77
Tydlike bouerslatrines	79
Bewoonde buitegeboue	12
Besoeke buite ure	10
Bantoehostels	62
Sake wat na ander Afdelings verwys is :	
Verstoppe rioler/defektiewe wateraansluiting=	
toebehoorsels	52
Ongemagtigde geboue	709
Strukturele gebreke aan geboue	5
Ander sake	131
TOTAAL:	20930

OPMERKING:

Hierdie syfers is nie ingesluit by dié wat op Blankegebiede betrekking het nie.

DIE ONDERSTAANDE IS 'N OPSOMMING VAN DIE WERK WAT IN
VERBAND MET PLAAGBEHEER IN DIE NIEBLANGEGBIEDE GEDOEN IS.
KNAAGDIERE.

1. Klagtes ondersoek	5
2. Persele geïnspekteer en wenke gegee	1050
3. Kennisgewings bestel en aanseggings gegee om lokvalle of gif te gebruik	672
4. Kennisgewings bestel waarin daar vereis word dat persele knaagdiervry gemaak word	78
5. Kennisgewings bestel ingevolge 3 en 4 hierbo waaraan voldoen is.	220
6. Ophoping van rommel of hout wat moontlik knaagdiere kan huisves, opgeruim of verwyder	375
7. Getal knaagdiere gedood of as dood gerapporteer	1221

MUSKIETE.

1. Klagtes ondersoek	4
2. Inspeksies gedoen	50
3. Kennisgewings bestel en aanseggings gegee	7
4. Broeiplekke uitgeskakel	22
5. Wenke in verband met muskietbeheer gegee	26
6. Soorte muskiete gevind	Culex.

V LIEË.

1. Klagtes ondersoek	13
2. Inspeksies gedoen	183
3. Kennisgewings bestel en aanseggings gegee	130
4. Kennisgewings onder 3 hierbo bestel, waaraan voldoen is	31
5. Vevolgings weens versuim om regulasies na te kom	1
6. Broeiplekke uitgeskakel	56
7. Wenke in verband met vlieëbeheer gegee	94

GELISENSIEERDE PERSELE.

	Mamelodi.	Asiër= buurt.	Eerste= rust.	Lady Selborne.	Claremont.	Atteridge= ville.	Laudium.
Bakkerie en banketbakkerie	-	2	-	-	-	-	-
Biljartsalonne	-	2	-	-	-	-	1
Slagters	10	9	5	3	1	11	2
Steenkoolagentskappe	8	-	-	-	-	7	-
Skoenmakers	2	7	-	-	-	2	-
Fietshandelaars	4	7	4	2	-	3	-
Droogskoonmaakfabrieke en wasserye	-	5	-	-	-	1	1
Varsproduktehandelaa	26	95	9	11	-	24	-
Vishandelaars	-	3	-	-	-	-	3
Fabrieke	-	1	-	-	-	-	5
Algemene handelaars (lewensmiddele uitgesluit)	4	12	3	-	-	2	5
Haarkappers	3	8	1	-	-	2	1
Marskramers, venters	-	112	7	-	-	12	32
Kruiedokters	3	1	-	-	-	-	-
Melkdepots	8	2	-	-	-	5	2
Koeldrankhandelaars	12	9	4	-	-	4	1
Bantoe-eethuise	10	2	5	6	-	3	-
Lewensmiddelehandelaars	27	79	11	11	-	30	6
Teaters	1	3	-	-	-	1	1
Kleremakers	2	-	1	-	-	3	-
Begrafnisondernemers	3	-	-	-	-	1	-
Werkwinkels/handelaars in motoronderdele	2	2	1	-	-	1	2
Restaurante/teekamers	7	33	3	1	-	14	4
Handelaars in tweedehandse goedere	1	2	-	-	-	-	-
Roomysdepots	-	-	-	-	-	1	-
Melkwinkels	-	22	2	-	-	3	-
Droogskoonmakersontvangsdepots	4	3	1	-	-	5	-

ALGEMENE INLIGTING VAN SLEGS NUWE DORPE.

	Atteridgeville.	Mamelodi.	Laudium.	Eersterust.
Bevolking :				
1. Bevolking	61969	91493	5964	8200
2. Hostel	6872	5572	-	-
Woonhuise:				
(a) Bewoon	9822	13823	958	1349
(b) Leeg	-	-	-	-
(c) In aanbouing	-	-	400	12
Aanbiddingsplekke	39	31	2	11
Skole	21	25	3	3
Biersale	2	5	-	-
Drankwinkels (sterk drank)	4	3	-	1
Garages	1	1	1	1
Crèches	4	4	-	1
Hostels	1	1	-	-
Administratiewe kantore	1	2	1	-
Ouete huise	1	1	-	-
Bioskope	1	1	1	-
Gemeenskapsentrums/-sale	2	2	1	-
Kwekerye	-	1	1	-
Ontspanningstadion	2	1	-	-
S.A. Polisiestasies	1	1	-	-

(in aanbouing)

BYDRAE DEUR DIE DIREKTEUR VAN NIEBLANKESAKE :
NIEBLANKEBEHUISINGSEKSIE.

1. ATTERIDGEVILLE/SAULSVILLE.

Hierdie Bantoedorp is eenduisend driehonderd en twaalf morge groot en word as een van die beste Bantoedorpe in die Republiek beskou. Atteridgeville is in 1939 gestig. Negeduisend agthonderd twee-en-twintig huise is tot op datum in die Atteridgeville/Saulsville-gebied opgerig.

Afgesien van sulke dienste soos elektrisiteit vir elke huis, waterriolering en vuilgoedverwydering, is daar twee klinieke, 'n biblioteek, polisiestasie, poskantoor, bioskoop, administratiewe blok, gemeenskapsentrum, 20 skole, 4 crèches, 84 winkels en 'n moderne droogskoonmakery.

Bevolkingsyfer : 61,969

2. LADY SELBORNE.

Alle eiendomme is deur die Raad onteien en die bewoners is hervestig.

3. MAMELODI.

Daar is tot op datum 13,823 huise in die westelike en oostelike gebiede van Mamelodi (Vlakfontein) voltooi. Daarbenewens is die volgende geboue opgerig : 25 skole, 87 winkels, 'n gemeenskapsentrum biersaal, bioskoop, poskantoor, administratiewe blok, 4 crèches, 'n kliniek, dokterssprekkamer, skrynwerkerswinkel, kraaminrigting, polisiestasie en 'n hofgebou.

'n Sportterrein is aangelê en 'n pawiljoen is opgerig.

Die gebied ontwikkel gelykmatig en voorrang word aan die voorsiening van elektrisiteit, die aanlê van riole en aan padbou en stormwaterriolering verleen.

Bevolkingsyfer : 91,493.

ENKELKWARTIERE (HOSTEL).

(a) SAULSVILLE.

Driehonderd nege-en-dertig hosteleenhede vir die huisvesting van 6400 persone is gebou en daar is 'n elektrisiteitstoevoer. Die gebied het riole. Elke eenheid het gemeenskaplike warmwaterstortbaddens en 'n kombuis met elektriese warmplate vir kookgeriewe. Die maandelikse huurgeld is R2.00.

Verdere eenhede wat 1936 persone sal huisves, sal gedurende 1969 opgerig word.

(b) MAMELODI.

Hosteleenhede vir die huisvesting van 4,832 persone is voltooi. Soortgelyke geriewe as in die Saulsvillehostel word voorsien. 'n Verdere 4 eenhede met 1872 beddens sal gedurende 1969 opgerig word.

4. ALGEMEEN.

Die geëlektrifiseerde spoorwegdiens na die Atteridgeville/Saulsville-en die Mamelodigebied is bevredigend.

5. LAUDIUM.

Laudium is die nuwe gebied vir Asiërs. Sewehonderd vier-en-

vyftig huise is deur die Raad en 204 deur privaateienaars gebou. Alle noodsaaklike dienste word verskaf.

Daarbenewens is administrasiekantore, 'n kliniek, 'n poskantoor en 4 winkels opgerig.

6. KLEURLINGGEBIED.

Ingevolge die Wet op Groepsgebiede is 'n gedeelte van die plaas Derdepoort 469 en 'n gedeelte van die bestaande dorpsgebiede Eersterust en Despatch, wat ongeveer 800 morg beslaan, tot 'n gebied vir bewoning deur Kleurlinge geproklameer.

Driehonderd ses-en-sestig ekonomiese en 968 subekonomiese huise is deur die Raad en 15 deur private eienaars opgerig en alle noodsaaklike dienste word verskaf.

Daar is ook 'n gemeenskapsaal en 'n begraafplaas.

Administrasiekantore, 'n kliniek, 'n gemeenskapsentrum en 'n winkelgebou is opgerig.

BEHUISSING VIR BLANKES.

1. ALGEMENE BEHUISSINGTOESTAND.

Aan die einde van 1968 het die Stadsraad van Pretoria die volgende behuisingskemas besit :

A. DANVILLE.

Skema.	Getal huise.	Maandelikse huurgeld/paalement.	
		Laagste.	Hoogste.
(a) Subekonomies	200	R 1-60	R19-45
(b) Ultralaekoste-ekonomies	200	R29-85	R31-27
(c) Omgeskakelde ekonomies	300	R20-00	R22-00
(d) Laekoste-ekonomies	100	R19-00	R35-00
(e) Ekonomies	100	R21-64	R40-94
(f) Ekonomies (dubbelverdiepings)	50	R37-15	R39-90
(g) Ouethuise	57	R12-95	
(h) Subekonomies (uitbreiding 2).	93	R14-70	R31-25

B. PROCLAMATION HILL.

(a) Subekonomies	96	R 4-50	R20-00
(b) Omgeskakelde ekonomies	103	R20-00	R22-00

C. HERCULES.

(a) Subekonomies	57	R 2-40	R 5-67
(b) Ekonomies	57	R25-00	R32-00
(c) Ouethuise(subekonomies)	12	R 3-00	
(d) Nasionale Behuisingskema	4	+ R30-00	
(e) Ekonomies (Mootgebied)	97	- R13-00	R22-00
(f) Subekonomies (nuwe skema)	100	R18-00	R34-00
(g) Ekonomies	65	R42-00	R60-00

D. BUITELIGGENDE VOORSTEDEN :**(i) Nieu-Muckleneuk :**

(a) Subekonomies	23	R 3-50	R 5-95
(b) Omgeskakelde ekonomies	23	R20-00	R22-00

(ii) Villieria:

(a) Subekonomies	4	R 5-45	R 5-95
(b) Omgeskakelde ekonomies	6	R20-00	R22-00
(c) Ouete huise	60	R15-15	

(iii) Rietfontein :

(a) Subekonomies	11	R 4-85	R 5-95
(b) Omgeskakelde ekonomies	9	R20-00	R22-00

(iv) Wonderboomsuid :

(a) Subekonomies	11	R 4-85	R 5-95
(b) Omgeskakelde ekonomies	16	R20-00	R22-00

(v) Mayville :

(a) Subekonomies	3	R 4-85	R 5-95
(b) Omgeskakelde ekonomies	5	R20-00	R22-00

(vi) Pretoria-Wes:

(a) Subekonomies	11	R 3-50	R 5-95
(b) Omgeskakelde ekonomies	3	R20-00	R22-00

Die genoemde omgeskakelde ekonomiese skemas was oorspronklik subekonomiese skemas wat mettertyd na ekonomiese skemas omgeskakel en verkoop is.

(vii) Nieu-Muckleneuk - en Capital Park-gebied:

Ekonomies	50	+	R47-00
-----------	----	---	--------

(viii) Danville- en Pretoria-Wes-gebied:

(a) Danvillewoonstelgebou (dié is almal tweekamerwoonstelle)	18	R16-00	R17-00
(b) Groenveldwoonstelgebou	30	R28-00	R37-00
(c) Heuwelwoonstelgebou	104	R32-45	R49-89

(ix) Moot-en Eloffsdal-gebied :

(a) Ouete huis	84	R15-15	
----------------	----	--------	--

E. SENTRAAL, GOEDEHOOP EN ANDER VOORSTEDEN.

As gevolg van die beplanning van snelweë en ander padbouprojekte was die Raad genoodsaak om verskeie eiendomme vir dié doel aan te koop.

Baie eiendomme is reeds aangekoop. In sommige gevalle waar die wonings nie ekonomies herstel kan word nie, word hulle gesloop.

Die Raad verhuur tans die volgende eiendomme wat uiteindelik gesloop sal word :

(a) Sentraal en ander voorstede	310	R28-00	R60-00
(b) Goedehoop	60	R12-00	R40-00
(c) Woonstelle, sentrale gebied. (Dertien woonstelblokke bestaande uit 150 woonstelle, 90 enkel- en dubbelkamers).	90		
Maandelikse huur vir enkel- en dubbelkamers.		R 8-00	R19-00

F. RIVERSIDE EN DESPATCH :

Met die oog op die herbeplanning ingevolge die bepalings van die Wet op Groepsgebiede het die Raad sekere eiendomme aangekoop, en op die oomblik word die volgende getal eenhede verhuur :

(a) Riverside : woonhuise	5	R10-00	R20-00
(b) Despatch : woonhuise	1		R22-94

G. SILVERTON:

- (i) Ekonomiese huise 502

Hierdie huise is almal deur individuele eienaars onder die Individuele Behuisingskema opgerig.

Die maandelikse terugbetalings wissel van R15-00 tot R27-00 na gelang van die grootte van die huis en die bedrag wat onder die leningskema geleen is.

- (ii) Diverse eiendomme : 5

Hierdie huise is vir sekere munisipale projekte aangekoop en word tans verhuur teen huurgelde wat van R5-00 tot R90-00 per maand wissel.

- (iii) Woonstelle :

Een woonstelgebou, die "J.J. Bosman-huis", bestaan uit 57-twee- en driekamerwoonstelle wat teen 'n huurgeld van R23-00 tot R34-00 per maand verhuur word. Daar is ook 18 motorhuise wat teen R2-00 elk per maand verhuur word.

H. PRETORIA -NOORD :

- Ekonomiese huise 266

Soos in die geval van Silverton is hierdie huise ook opgerig onder die Individuele Behuisingsleningskema, en die maandelikse paaielemente wissel van R17-00 tot R27-00.

2. AANSOEKE OM BEHUISING:

Gedurende die jaar is 1450 aansoeke om behuising ontvang. (Dit is 300 meer as in die jaar wat op 31 Desember 1967 geëindig het.) 'n Groot aantal aanvraers is gehuisves, terwyl dié wat nie onmiddellik gehuisves kon word nie, na ander huise getrek het.

Waglyste vir goedgekeurde huurders of kopers kragtens die verskillende skemas word gehou, en sodra 'n huis beskikbaar is, word dit aangebied aan die persoon wie se naam volgende op die betrokke lys verskyn.

3. BEHUISINGSKEMAS IN UITVOERING.

Ekonomiese skema - 202 woonhuise - Danville.

4. VOORGESTELDE SKEMAS :

In ooreenstemming met die Raad se beleid om behuising aan die inwoners van Pretoria te verskaf, word die volgende nuwe skemas vir die 1969/70-boekjaar beplan.

Skema.	Gebied.	Getal huise of woonstelle.	Beraamde koste.
(a) Ekonomiese huise	Danville	270	R1,522,500
(b) Ekonomiese huise	Jan Niemand- park	24	R 126,000

5. ALGEMEEN:

Met die goedkeuring van die Departement van Gemeenskapsbou word lenings ook aan kopers van ekonomiese huise toegestaan vir die doel van veranderings en aanbouing aan hulle huise na gelang van die behoeftes van hul gesinne en vir die oprigting van motorhuise en buitegeboue.

6. BEHUISING WAT DEUR REGERINGSDEPARTEMENTE VOORSIEN WORD.

Die Departement van Gemeenskapsbou het 227 woonstelle, 609 ekonomiese huise en 50 subekonomiese huise waarvoor huurders moet kwalifiseer, soos in die Behuisingkode uiteengesit is, opgerig en bestuur dit.

SUIWEL- EN VEEARTSENYKUNDEBEHEER.

A. INLEIDING:

Pretoria se melkvoorraad is hoofsaaklik afkomstig van 'n groot aantal melkerye in die buitestedelike gebiede en in 'n mindere mate van 'n paar melkerye op landbougrond binne die stadsgrense. Die verspreiding van melk en sekere melkprodukte in die stad word behartig deur vyf (5) produsentverspreiders (wat gelisensieer of toegelaat word om slegs "gesertifiseerde" rou melk te verkoop), eenhonderd-en-twaalf (112) verspreiders en vierhonderd-en-vier (404) melkwinkels. Al die melk, behalwe "gesertifiseerde" rou melk, wat in die stad verbruik word, word in vyf (5) moderne pasteuriseringsinstallasies gepasteuriseer. Een van hierdie installasies is egter gedurende die jaar gesluit nadat dit deur een van die ander firmas uitgekoop is. Alhoewel koeie gewoonlik met die hand gemelk word, gebruik baie boere verskillende tipes melkmasjiene. Die installering van melkmasjiene win vinnig veld, hoofsaaklik as gevolg van arbeidsprobleme.

Die melkeryeinspektoraat is met die oog op die beskerming van die openbare gesondheid verantwoordelik vir die beheer oor alle produksie-en verspreidingspersele, asook vir kontrole oor die gehalte van alle melk wat vir verbruik in die stad afgelewer of versprei word. Besonderhede in verband met die kontrole en gepaardgaande sake word hierna beskryf.

B. BESONDERHEDE VAN LISENSIE- EN PERMITHOUERS MET WIE GEHANDEL IS:

	Nuut.	Oorgedra.	Gestaak.	Toe- of afname.
Produsente	44	16	50	-6
Produsent-versprei- ders	-	-	-	-
Verspreiders	-	3	-	-
Melkwinkels	-	-	-	-
TOTAAL	44	19	50	-6

Gedurende die jaar het die getal melkerye met 6 afgeneem teenoor 'n afname van 35 gedurende die vorige jaar. Die getal produsente wat melkerybedrywighede gestaak het, toon 'n afname van 50 hierdie jaar in vergelyking met 'n afname van 89 gedurende die vorige jaar. Die hooforsaak waarom so baie produsente die aflewering van melk aan die stad gestaak het, was een of meer van die volgende :

- Die afsterwe, kwynende gesondheid of ouderdom van 'n paar produsente.
- Staking ten gunste van aflewering van melk aan ander plaaslike owerhede of aan nywerheidsmelkfabrieke.
- Probleme met die vervoer van melk.
- Finansiële of arbeidsprobleme.

C. LIGGING VAN PERSELE:

	In mun. gebied	Binne 10myl	11- 25	26- 50	51- 75	76- 100	101- 150	151- 200	Totaal
Produsente	9	32	60	86	121	36	108	9	461
Produsentverspreiders	3	2	-	-	-	-	-	-	5
Verspreiders	112	-	-	-	-	-	-	-	112
Melkwinkels	404	-	-	-	-	-	-	-	404
Totaal :	528	34	60	86	121	36	108	9	982

